Die algemene afwaartse beweging in geldmarkrente-koerse wat reeds aan die begin van 1990 begin het, is in die eerste vier maande van 1993 voortgesit; sommige van hierdie koerse het egter vervolgens effens gestyg. Kapitaalmarkkoerse, veral die opbrengs op langtermynstaatseffekte, het in hierdie tydperk aanvanklik tot matig hoër vlakke beweeg, hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike toename in die aanbod van staatseffekte en die omskepping van die bankkrediet van die onafhanklike nasionale state in bemarkbare effekteskuld. Sedert Junie het hierdie langtermynrentekoerse weer eens effens teruggesak.

Die styging in die aanbod van staatseffekte het verband gehou met die toename in die leningsbehoefte van die openbare sektor en die oorbefondsing van die skatkistekort. Die totale leningsbehoefte van die openbare sektor het in die tweede kwartaal van 1993 (die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94) R7,5 miljard beloop, oftewel 8,6 persent van die bruto binnelandse produk. 'n Skerp toename in regeringsuitgawes en 'n kleiner-as-verwagte styging in inkomste het aanleiding gegee tot 'n groot tekort voor lenings op die skatkisrekening.

Die regering was in staat om die tekort met betreklike gemak te finansier en het sy befondingsbehoefte in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 in 'n groot mate oorskry. Staatseffekte het die belangrikste skuldfinansieringsinstrument gebly, en

'n aansienlike deel van die effekte-uitgifte is deur die Openbare Beleggingskommissarisie ten behoeve van die regeringsdienspensioenfondse vir staatsamptenare opgeneem teen opbrengskoerse wat as baie aantreklik beskou is.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Nadat die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk in 1992 skerp gedaal het teen jaarkoerse wat tussen $2\frac{1}{2}$ en $5\frac{1}{2}$ persent gewissel het, het dit in die eerste kwartaal van 1993 teen 'n koers van 1% persent en in die tweede kwartaal nog skerper teen 'n koers van 5 persent toegeneem. Die vlak van die totale reële binnelandse produk was in die eerste helfte van 1992 nietemin steeds $1\frac{1}{2}$ persent laer as die vlak in die ooreenstemmende tydperk in 1992.

Die merkwaardige herstel in die binnelandse produk gedurende die eerste helfte van 1993 het hoofsaaklik in die primêre sektore van die ekonomie plaasgevind. Die jaarkoers van toename in die reële produksie van hierdie sektore in die eerste helfte van 1993 vergeleke met die laaste helfte van 1992 het inderdaad nie minder nie as $8\frac{1}{2}$ persent bedra. Die *landbou* is veral deur die betreklik vroeë insameling van die mielie-oes bevoordeel – bykans 50 persent van die geskatte 8,9 miljoen ton mielies is in die eerste helfte van 1993 geoe. Landbouproduksie het derhalwe in die eerste helfte van 1993 2 persentasie-punte tot die groeikoers in die reële bruto binnelandse produk bygedra; in die kalenderjaar 1992 het die landbou die groeikoers met 1,7 persentasie-punte verlaag. Indien landbouproduksie van die reële bruto binnelandse produk uitgesluit word, het die reële toegevoegde waarde van die sektore buite die landbou in die eerste helfte van 1993 min of meer onveranderd gebly.

Die groei in die reële produksie van die mynboubedryf, wat reeds in die middel van 1991 begin het, het van 'n gemiddelde jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent in die derde en vierde kwartaal van 1992 tot $2\frac{1}{2}$ persent in die eerste twee kwartale van 1993 versnel. Hierdie aansienlike toenames in die mynbouproduksie kon hoofsaaklik aan 'n styging in die reële produksie van goudmyne toegeskryf word, wat 'n daling in die reële toegevoegde waarde deur die nie-goudmynboubedryf uitgeskakel het. Ongeag 'n daling in die tonnemaat erts wat deur die myne vergruis is, het die goudproduksie in die eerste helfte van 1993 gestyg as gevolg van die hoër gehalte van erts wat vergruis is.

Nadat die reële toegevoegde waarde deur die sekondêre sektore in die eerste kwartaal van 1993 met 1 persent gestyg het, het dit in die tweede kwartaal bykans geen verandering getoon nie. Die beter prestasie van die sekondêre sektore kon hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlike toename in die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water verskaf: die reële toegevoegde waarde van hierdie sektor teen 'n jaarkoers het in die eerste kwartaal van 1993 met $3\frac{1}{2}$ persent en in die tweede kwartaal met 5 persent gestyg. Dit was deels aan 'n toename in die binnelandse vraag te danke, maar veral ook aan 'n aansienlike toename in elektrisiteit wat aan buurlande verkoop is.

Die fabrieksproduksie het in die tweede kwartaal van


1993 teen 'n jaarkoers van sowat $\frac{1}{2}$ persent gedaal na 'n toename van bykans 2 persent in die eerste kwartaal van hierdie jaar. Hierdie daling in die fabrieksproduksie was taamlik wydverspreid en is aangeteken ten spye van die verdere uitbreiding in die hoeveelheid van die uitvoer van vervaardigde produkte. Stakings en wegblly-aksies, wat tot 'n skerp stygging in die verlies aan mandaе tydens produksie aanleiding gegee het, het die uitbreiding van produksie ernstig gekortwiek: die getal mandaе wat verlore gegaan het as gevolg van stakings en ander protesaksies het van 65 000 in die eerste kwartaal van 1993 tot 570 000 in die tweede kwartaal van die jaar toegeneem. Die persentasie-benutting van die produksievermoë in die fabriekswese het dus in die

tweede kwartaal van 1993 slegs 77½ persent beloop.

Die konstruksiebedryf het in die eerste helfte van 1993 as gevolg van die algemene swak binnelandse vraag steeds swaar gekry en is veral beïnvloed deur die sterker dalings in die reële kapitaalbesteding op geboue en konstruksiewerke vanaf die einde van 1992. Die jaarkoers van afname in die reële toegevoegde waarde deur die konstruksiesektor het niemendien gedaal van 9 en 11 persent in die laaste twee kwartale van 1992 tot 8 persent in die eerste kwartaal van 1993 en 5½ persent in die tweede kwartaal.

Die totale reële toegevoegde waarde van die tersiëre sektore, wat oor die algemeen gedurende die huidige resessie bly styg het, het teen 'n jaarkoers van 1 persent in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1993 gedaal. Hierdie dalings het grotendeels afnames in die reële toegevoegde waarde van die handel, die vervoer en die dienste van die algemene overheid weerspieël, terwyl die reële toegevoegde waarde van die finansies en die gemeenskapsdienste verder toegeneem het. In die handelsektor het die daling in die reële toegevoegde waarde gedurende die eerste ses maande van 1993 van 'n jaarkoers van 2½ persent in die eerste kwartaal tot 3½ persent in die tweede kwartaal versnel.

Komponente van reële bruto binnelandse produk




Binnelandse besteding

Die toename in die binnelandse produksie gedurende die tweede kwartaal van 1993 het gepaardgegaan met 'n afname teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 11½ persent in die reële *bruto binnelandse besteding*; in die eerste kwartaal van 1993 het die binnelandse besteding teen 'n koers van 9 persent toegeneem. Hierdie skerp ommeswai in die reële binnelandse besteding was die netto gevolg van verdere afnames in die reële bruto binnelandse vaste investering en in voorrade gewaardeer teen konstante pryse, wat 'n klein toename in die totale reële verbruiksbesteding oortref het.

Die reële *private verbruiksbesteding* het in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1993 teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent toegeneem, nadat koers van afname in die vier kwartale van 1992 tussen $\frac{1}{2}$ en 3½ persent gewissel het. Die effense stygging in die reële besteding aan verbruiksgoedere en -dienste deur huishoudings in die eerste helfte van 1993 was deels 'n regstelling van die baie lae vlakke van hierdie besteding in 1992. Ander faktore wat tot die toename in die reële verbruiksbesteding kon bygedra het, is 'n effense toename in die reële persoonlike beskikbare inkomse wat hoofsaaklik aan die verbetering van die landbou-inkome toegeskryf kan word, vooruitaankope om die hoër pryse as gevolg van die verwagte verhoging van die koers van belasting op toegevoegde waarde en 'n skerp depresiasie van die rand vry te spring, die behoefte om duursame verbruiksgoedere te vervang, die onlangse verdere toename in informele kleinhandelafsetpunte en 'n daling in voedselpryse gedurende die tweede kwartaal van 1993.

Die verdere geringe groei in die reële private verbruiksbesteding in die tweede kwartaal van 1993 is

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



hoofsaaklik 'n weerspieëeling van die besteding aan semi-duursame goedere soos motorverwante toerusting en onderdele, tekstiele en ander huishoudelike toerusting, en ook aan nie-duursame goedere in die subgroep voedsel, drank en tabak. Die reële besteding aan dienste het feitlik onveranderd gebly, terwyl die koers van afname in die reële besteding aan duursame verbruiksgoedere verder verlangsaam het van ongeveer 7 persent in 1992 tot jaarkoerse van 1½ persent in die eerste kwartaal van 1993 en 1 persent in die tweede kwartaal. Hierdie stadiger afname in die tweede kwartaal van 1993 het hoofsaaklik ontstaan vanweë die hoër besteding aan meubels en huishoudelike toerusting, terwyl die reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting ietwat teruggesak het van die hoëvlak in die eerste kwartaal van die jaar. In die eerste helfte van 1993 was die totale reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting nog steeds hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1992.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die eerste en tweede kwartaal van 1993 min verandering getoon. Bereken oor 'n tydperk van vier kwartale, het die reële vergoeding van werknemers in die tweede kwartaal van 1993 effens afgeneem, terwyl die reële besteding aan intermediaire goedere en dienste slegs effens hoër was. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die verbruiksbesteding deur die

algemene owerheid in die tweede kwartaal van 1993 steeds op die hoëvlak van 21½ persent gebly; in die tagtigerjare was die gemiddelde verhouding 16½ persent.

Hoewel die reële bruto binnelandse vaste investering in die eerste helfte van 1993 bly daal het, het die jaarkoers van afname merkbaar verlangsaam van 'n hoogtepunt van 13½ persent in die derde kwartaal van 1992 tot 2½ persent in die eerste kwartaal van 1993 en 1½ persent in die tweede kwartaal. Hierdie stadiger daling in die vaste kapitaaluitgawes in die tweede kwartaal van 1993 was waarneembaar in die vernaamste organisasies wat binne 'n institusionele klassifikasie van investering onderskei word.


Die koers van afname in die reële private vaste investering het verminder van 'n jaarkoers van ongeveer 2 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot ongeveer 1 persent in die tweede kwartaal. Ná 'n bykans ononderbroke daling sedert die tweede helfte van 1990, het die vaste investering deur die private ondernemings in die mynbou, die fabriekswese en die handel in die tweede kwartaal van 1993 toegeneem. Die oënskynlike uitylakking van die afwaartse beweging van investering in hierdie sektore het waarskynlik verband gehou met die aanvangsbesteding aan 'n aantal groot kapitaalprojekte wat aangemoedig is deur belastingtoegewings ten opsigte van voorsienings vir depresiasie, 'n betreklike skerp herstel in die goudprys, die behoeftes aan die vervanging van masjinerie en toerusting en toenemende verwagtings van 'n herlewing in die wêreld se ekonomiese groei en handel.

Toenames in die kapitaalbesteding van die Suid-Afrikaanse Poskantoor en die algemene owerheid was grotendeels verantwoordelik vir die stadiger koers van afname in die reële vaste investering deur die openbare owerhede: die koers van afname in die vaste investering van hierdie owerhede het van 6 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot effens minder as 2½ persent in die tweede kwartaal afgeneem. Die vaste investering deur die openbare korporasies het in albei die eerste twee kwartale van 1993 teen 'n jaarkoers van 1 persent gestyg, hoofsaaklik vanweë toenames in die reële besteding deur Eskom aan die elektrifisering van laekostebehuisingsgebiede.


Nadat die investering in voorrade in die eerste kwartaal van 1993 positief geword het, het 'n aansienlike afname weer in die tweede kwartaal voorgekom. Die diamantvoorraad in die handel het laag gebly, terwyl die voorrade in die mynbou, die fabriekswese en die handelsektore verminder het. Die aansienlike toename in die hoeveelheid van uitgevoerde goedere en die afname in die invoerhoeveelhede was waarskynlik die belangrikste oorsake vir die afname in die voorrade van hierdie sektore. Die landbouvoorraad in die handel het egter sterk toegeneem as gevolg van die insameling van 'n betekenisvolle gedeelte van die miele-oes.

Teen 17½ persent was die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk buite die landbou nietermin steeds

Reële bruto binnelandse vaste investering



Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



baie laag; in die tagtigerjare was hierdie verhouding gemiddeld 24 persent. Aan die begin van die huidige konjunkturele afwaartse beweging het dit 22 persent beloop.

Nominale faktorinkome

Die hoër groei in die totale bruto bedryfsurplus was hoofsaaklik verantwoordelik vir die effense versnelling in die groei van die totale *nominale faktorinkome* van 'n koers oor vier kwartale van 9 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 10 persent in die tweede kwartaal. Die koers van toename in die *bruto bedryfsurplus* het oor dieselfde tydperk skerper van 7 persent tot 10½ persent gestyg. Die winste van die landbou en die mynbou het die grootste bydrae tot die skerper stygging in die totale bedryfsurplus gemaak, maar ondernemings in die fabriekswese het ook beter resultate bekend gemaak. 'n Skerp toename in die randprys van goud en die goudmynboubedryf se sukses om stygende bedryfskoste tot 'n minimum te beperk, is van die belangrikste faktore wat vir die sterk herstel van die bedryfsurplusse van die mynbou verantwoordelik was. Die beter resultate in die geval van die landbou en die fabriekwese kon aan 'n toename in die mielieproduksie en 'n sterk stygging in die uitvoer van vervaardigde goedere toegeskyf word.

Die persentasie-verandering oor vier kwartale in die totale nominale *arbeidsvergoeding* het van 10½ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 9 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Hierdie laer koers van toename in die totale salaris en lone was waarneembaar in al die

hoofsektore van die ekonomie, met die uitsondering van die landbou en die mynbou. 'n Aantal redes kon vir die stadiger groei in die totale arbeidsvergoeding aangevoer word, naamlik:


- die lang en ernstige afname in die binnelandse ekonomiese bedrywigheid;
- die afdankings weens die rasionalisering van sakeondernemings in die private sektor sowel as in instellings van die openbare sektor;
- die hoë vlak van werkloosheid en die uitwerking van toenemende likwidasies en insolvensies; en
- die bemoedigende tekens van meer realistiese looneise deur sommige vakbondes.

Binnelandse besparing

Die *bruto binnelandse besparing* het in verhouding tot die bruto binnelandse produk van die buitengewoon laevlak van 16½ persent in 1992 effens verbeter tot 17½ persent in die tweede kwartaal van 1993. Hierdie verbetering was die gesamentlike gevolg van 'n styging in die netto besparing van die private sektor en 'n afname in die netto ontsparning deur die algemene owerheid.

Die *algemene owerheid*, wat in 1984 'n netto ontspaarder geword het, het voortgegaan om binnelandse besparing vir die financiering van lopende besteding te gebruik. Groot stygings in die verbruiksbesteding van die owerheid, rentebetalings op staatskuld en groot lopende oordragte aan huishoudings het die stadiger groei in die inkome van die owerheid oorskry, en die seisoensaangesuiwerde netto ontsparning deur die algemene owerheid teen 'n jaarkoers het in die

Verhouding van netto besparing tot bruto binnelandse produk



eerste kwartaal van 1993 die hoëvlak van R16,3 miljard bereik. Die ontsparing deur die algemene owerheid het in die tweede kwartaal van 1993 matig afgeneem tot 'n jaarkoers van R11,3 miljard.

Netto besparing van die *private sektor* in verhouding tot die bruto binnelandse produk het effens toegeneem van 5½ persent in die kalenderjaar 1992 tot bykans 6 persent in die tweede kwartaal van 1993 as gevolg van toenames in die netto besparing van maatskappye en huishoudings. Soos verwag kon word, het die maatskappybesparing verbeter in daardie sektore wat 'n toename in bedryfsurplusse ondervind het: die landbou, die mynbou, die fabriekswese en die finansiële dienste. Hoewel die netto besparing van die persoonlike sektor in die tweede kwartaal van 1993 effens gestyg het, het die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkome onder 2½ persent gebly – effens laer as die gemiddelde vlak van 1992.



Werkverskaffing

Die *totale werkverskaffing* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het afgeneem in tien uit die vyftien kwartale sedert die begin van die huidige resessie tot en met die vierde kwartaal van 1992 (die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel is). Die insinking in die werkverskaffing het per saldo versnel vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van afname van 1,3 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 2,6 persent in die tweede kwartaal van 1991 en tot 3,6, 2,2 en 3,3 persent in die eerste drie kwartale van 1992. Kleiner personeelvermindering in die private sektor en 'n toename in die werkverskaffing deur die openbare owerhede het daarná veroorsaak dat die totale werkverskaffing in die sektore buite die landbou in die laaste kwartaal van 1992 met 0,2 persent toegeneem het.

Die koers van afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing deur die *private sektor* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 0,3 persent in die eerste kwartaal van 1989 versnel tot hoëkoers van 4,5, 2,5 en 5,6 persent in die eerste drie kwartale van 1992. Nuwe werkgeleenthede in die fabriekswese, in die groot- en kleinhandel en in die versekeringsbedryf, tesame met laer koers van afdanking in die werkverskaffing van die mynboubedryf en hotelle en droogskoonmaakdienste, het daarná veroorsaak dat die koers van afname in die werkverskaffing in die private sektor skerp verlangsaam het tot slegs 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1992. In die eerste kwartaal van 1993 is toenames aangeteken in die werkverskaffing van die groot- en kleinhandelssektore, die banke en die private padvervoer, terwyl die motorhandel, die versekeringsbedryf en die landboubeheerraad 'n kleiner werkerskorps as vantevore gehad het. Die daling in die werkverskaffing in die private sektor was grotendeels die gevolg van rasionaliseringsprogramme wat daarop ingestel was om die kostedoeltreffendheid van maatskappye te versterk in 'n omgewing waar die voortgesette bestaan van baie ondernemings bedreig is deur die algemeen swak ekonomiese toestande.

Hoewel periodieke afnames in die werkverskaffing deur die *openbare owerhede* gedurende die resessie aangeteken is, het die totale werkverskaffing deur die

Werkverskaffing in nie-landbousektore



openbare owerhede van die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1993 met 1,4 persent toegeneem – 'n netto toevoeging van 23 400 werkgeleenthede. Onlangs is toenames teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,0 en 1,7 persent in die derde en vierde kwartaal van 1992 gevolg deur 'n aansienlike daling teen 'n koers van 4,7 persent in die eerste kwartaal van 1993. Hierdie afname in die werkverskaffing was die gevolg van rasionaliseringssprogramme wat deur openbare ondernemings soos Transnet, die Suid-Afrikaanse Poskantoor en Telkom in werking gestel is om toenames in bedryfskoste te beperk, en pogings deur die sentrale regering om toenames in sy lopende besteding aan bande te lê.

Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werklose persone het toegeneem in ooreenstemming met die dalende vlak van die formele werkverskaffing in die sektore van die ekonomie buite die landbou. Die gemiddelde vlak van geregistreerde werkloses was gedurende 1992 derhalwe nie minder nie as 16,2 persent hoër as gedurende 1991. Hierdie syfer het in die eerste vier maande van 1993 verder toegeneem tot 'n vlak wat 18,7 persent hoër was as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. In April 1993 het die totale aantal geregistreerde werkloses 316 000 beloop.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Ondanks die swakker ekonomiese toestande en die oraanbod van arbeid, het die koers van toename in die gemiddelde maandelikse *nominale arbeidsvergoeding* per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou slegs matig afgeneem van 18,0 persent in 1989 tot 15,2 persent in 1992. Op korter termyn het die koers van toename oor vier kwartale in die salaris en lone per werker ietwat meer opvallend verlangsaam van 'n jongste hoogtepunt van 16,2 persent in die tweede kwartaal van 1992 tot 14,4 persent in die derde kwartaal en 14,6 persent in die vierde kwartaal. Hierdie laer koers van toename in die arbeidsvergoeding per werker het voorgekom in die private sektor en die openbare owerhede. In die vierde kwartaal van 1992 het die koers van toename oor vier kwartale in die nominale loonvergoeding van die private sektor en die openbare owerhede onderskeidelik 15,1 persent en 13,2 persent bedra. Hierdie koers van toename in die salaris en lone per werker in diens van die openbare owerhede het daarna in die eerste kwartaal van 1993 weer tot 14,0 persent versnel.

Die koers van toename in die *reële loon* per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) het van 2,2 persent in 1989 tot 1,4 persent in 1991 afgeneem; daarna het dit in 1992 weer tot 2,6 persent gestyg – die hoogste jaarlikse gemiddelde koers van toename sedert 1984. In die vierde kwartaal van 1992 het die koers van toename oor vier kwartale in die reële vergoeding per werker 3,6

Gemiddelde reële vergoeding per werker in nie-landbousektore



Produksie per werker in nie-landbousektore



Reële arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



persent bedra, vergeleke met 1,6 persent in die derde kwartaal van 1992. Soos reeds in meer besonderhede in vorige ekonomiese oorsigte verduidelik is, het die hoë koers van toename in die reële vergoeding per werker hoofsaaklik voortgespruit uit die afdanking van werkers in die private sektor, terwyl die nominale salarisaanpassings laer was as die inflasiekoers.


Hierdie vermindering in die arbeidsmag was ook primêr verantwoordelik vir 'n toename in die arbeidsproduktiwiteit van 0,4 persent in 1990 en 1,3 en 1,2 persent in 1991 en 1992. Boonop is die produktiwiteit verbeter deur minder arbeidsonrus aangesien die totale aantal mandaie wat gedurende hierdie twee jare weens stakings en werkstopsettings verlore gegaan het, aansienlik laer was as in 1990. Toenames in die reële produksie per werker is aangeteken in bykans elke kalenderkwartaal sedert die tweede kwartaal van 1989, en onlangs het die koers van toename oor vier kwartale ook versnel van 0,3 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 1,6 persent in die vierde kwartaal van 1992.

Aangesien die jongste toename in die reële vergoeding per werker die toename in arbeidsproduktiwiteit oorskry het, het die reële arbeidseenheidskoste in 1992 skerp toegeneem. Nadat die reële arbeidseenheidskoste (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binne-landse produk buite die landbou) in 1991 met slegs 0,1 persent toegeneem het, het dit in 1992 met 1,4 persent gestyg. Die koers van toename oor vier kwartale in die reële arbeidseenheidskoste het ook versnel van 'n negatiewe vlak van 1,8 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n positiewe syfer van 2,3 persent in die tweede kwartaal van 1992; daarna het dit in die derde kwartaal tot 0,3 persent afgeneem, voordat dit in die vierde kwartaal weer tot 1,9 persent toegeneem het.

Pryse

Die jongste bewegings in binne-landse prysbeveiliging bevestig dat betekenisvolle vordering gemaak is met die betrekking van inflasie. Die koers van toename in die produksiepryse van binnelandse geproduseerde goedere oor tydperke van twaalf maande het van 'n hoogtepunt van 13,9 persent na die Golfoorlog in Maart 1991 tot 6,3 persent in Junie 1993 afgeneem – die laagste sodanige koers sedert Junie 1972 toe 5,5 persent aangeteken is. Hoewel die verbetering van die landboustandte 'n belangrike bydrae tot hierdie laer koers van toename gemaak het, was produsente ook verplig om toenames in koste te absorbeer ten einde hul omset tydens die swak saketoestande te handhaaf. Dit word duidelik in die bygaande grafiek aangetoon deur die groot verskil wat gedurende 1992 ontstaan het tussen die koers van toename in die prys van onverwerkte en verwerkte voedsel en die afwaartse neiging in die prys van die laasgenoemde kategorie tot Junie 1993. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van binnelandse geproduseerde goedere het ook van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 11,9 persent in die

Produksiepryse




tweede kwartaal van 1992 tot 4,5 persent in die vierde kwartaal afgeneem; daarna het dit ietwat versnel tot 7,1 persent in die tweede kwartaal van 1993.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die jongste depresiasi van die wisselkoers van die rand die koers van toename in die prys van ingevoerde goedere oor tydperke van twaalf maande laat versnel van 3,1 persent in Desember 1992 tot 6,3 persent in Mei 1993. Hierdie koers van toename was nietemin laer as die ooreenstemmende koers van toename in die omvattende produksieprysindeks sedert Maart 1991 en het derhalwe bygedra tot die betreklike bestendigheid van hierdie prysindeks. In Junie 1993 het die styging in invoerpryse teen 'n koers van 6,8 persent die ooreenstemmende koers van toename in die omvattende produksieprysindeks egter oortref. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prys van ingevoerde goedere het skerp omgeswai van 'n negatiewe koers van 10,1 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 'n positiewe seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 21,6 persent in die tweede kwartaal van 1993 vanweë die depresiasi van die rand.

As 'n weerspieëling van die veranderings in sy twee vernaamste komponente het die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks oor tydperke van twaalf maande sedert Mei 1989 'n afwaartse verloop gehad. Hierdie koers van toename het per saldo verlangsaam van 15,8 persent in Mei 1989 tot 6,4 persent in Junie 1993. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die produksiepryse het aanvanklik ook afgeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak

Produksiepryse



van 12,5 persent in die derde kwartaal van 1992 tot slegs 1,4 persent in die vierde kwartaal, voordat dit in die tweede kwartaal van 1993 tot 9,0 persent versnel het.

Die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks oor tydperke van twaalf maande het van 'n hoogtepunt van 16,8 persent in Oktober 1991 tot 9,0 persent in Februarie 1993 afgeneem. Die insluiting van die skerp styging in onderwysgelde by hierdie indeks in Maart 1993 en die uitwerking van 'n toename van 4 persentasiepunte in die belasting op toegevoegde waarde, hoër ander indirekte belastings en 'n styging in die prys van petrol, het daarná veroorsaak dat die koers van toename in die verbruikerspryse oor tydperke van twaalf maande in April tot 11,0 persent versnel het. Die gevaar dat hierdie toenames hernieuwe prysstygings kon ontketen, is egter verminder deur die koersvaste konserwatiewe monetêre beleid en die langdurige ekonomiese afwaartse fase. Boonop het die laer koers van toename in die pryse van voedsel en dalings in die koste van huiselenaarskap bygedra tot 'n verlangsamming in die koers van toename in verbruikerspryse tot 9,9 persent in Julie 1993.

Nadat die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks van 18,8 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 4,7 persent in die vierde kwartaal van 1992

gedaal het, het dit in die tweede kwartaal van 1993 plotseling tot 17,6 persent gestyg, grotendeels vanweë die uitwerking van die toenames in indirekte belastings. Die pryse van verbruikersdienste het gedurende die eerste helfte van 1993 veral baie vinnig toegeneem.

Buitelandse handel en betalings

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef), wat verswak het van R11,9 miljard in die vierde kwartaal van 1991 tot slegs R0,7 miljard in die eerste kwartaal van 1993, het weer in die tweede kwartaal merkbaar tot R10,1 miljard verbeter. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal van 1993 nagenoeg 3 persent beloop; hierdie verhouding het naby aan die jongste hoogtepunt van 4 persent gekom wat in die vierde kwartaal van 1991 bereik is, nadat dit in die eerste kwartaal van 1993 slegs


0,2 persent bedra het.

Die buitengewone groot oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal van 1993 was die gesamentlike resultaat van 'n skerp toename in die waarde van die goedere-uitvoer, 'n verdere matige stygging in die waarde van die netto gouduitvoer en 'n daling in die waarde van die goedere-invoer. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die waarde van netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners weer gestyg.


Nadat die waarde van die goedere-uitvoer (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) van R49,4 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R47,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 gedaal het, het dit in die tweede kwartaal van 1993 tot R56,2 miljard of met bykans 19 persent gestyg. Hierdie aansienlike toename was in 'n groot mate te danke aan 'n toename van ongeveer 15½ persent in die hoeveelheid van die goedere-uitvoer. Groot toenames is in die uitvoer van diamante, landbouprodukte en vervaardigde goedere (in die besonder chemiese produkte en masjinerie en elektriese toerusting) aangeteken. Die uitvoer van sommige mynbouprodukte het ook in die tweede kwartaal van 1993 skerp gestyg.

Ondanks 'n hernieuwe daling in die dollarpryse van grondstowwe wat in die tweede kwartaal van 1993 internasionaal verhandel is, het die randpryse van die goedere-uitvoer oor hierdie tydperk met bykans 3 persent toegeneem. Dit word verklaar deur die feit dat Suid-Afrika se uitvoer primêr in VSA-dollars betitel is en omdat die rand skerp teenoor die dollar gedepresieer het:

Betalingsbalans: Lopende rekening



Reële goedere-invoer en -uitvoer



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1992				1993		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer.....	47,5	49,6	49,5	49,4	49,0	47,2	56,2
Netto gouduitvoer	18,1	16,7	20,4	18,2	18,4	21,1	22,2
Goedere-invoer.....	-49,5	-49,2	-55,4	-53,4	-51,9	-56,4	-56,1
Netto dienste- en oordragbetalings	-10,9	-11,6	-11,5	-12,2	-11,6	-11,2	-12,2
Saldo op lopende rekening	5,2	5,5	3,0	2,0	3,9	0,7	10,1

vanaf die einde van die eerste kwartaal van 1993 tot die einde van die tweede kwartaal van 1993 het die rand met 4½ persent teenoor die dollar gedaal.

Die waarde van die *netto gouduitvoer* teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het van R21,1 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R22,2 miljard in die tweede kwartaal gestyg, hoofsaaklik vanweë 'n stygging in die goudprys. Die vasstellingsprys van goud was in die tweede kwartaal van 1993 gemiddeld VSA\$360 per fyn ons; in die eerste kwartaal van hierdie jaar was dit slegs \$329 per fyn ons. In Julie 1993 het die goudprys selfs verder tot 'n gemiddeld van \$392 per fyn ons gestyg; dit het in werklikheid vir 'n kort tydperk tot bo \$400 per fyn ons gestyg tot 'n hoogtepunt van \$406 per fyn ons op 2 Augustus 1993, voordat dit in die tweede helfte van Augustus weer tot tussen \$370 en \$375 gedaal het. Hierdie onverwagse daling in die prys van goud kan toegeskryf word aan 'n afname in die fisiese vraag na goud, stopverliesbestellings en die herstel van die Europese Wisselkoersmeganisme na meer stabiele toestande. Die prys van goud per fyn ons het in rand van R1 029 in die eerste kwartaal van 1993 tot R1 150 in die tweede kwartaal en tot R1 293 in Julie en Augustus 1993 gestyg.

Die waarde van die *goedere-invoer* het effens gedaal van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R56,4 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R56,1 miljard in die tweede kwartaal, of met ½ persent. Matige stygings in die prys van ingevoerde goedere en 'n skerp daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het meegebring dat die prys van die goedere-invoer in die tweede kwartaal van 1993 met ongeveer 3 persent toegeneem het. Hoofsaaklik vanweë die laer invoer van landbou- en mineraalprodukte, het invoerhoeveelhede van die eerste tot die tweede kwartaal van 1993 met naastenby 3½ persent gedaal. Die waarde en die hoeveelheid van die goedere-invoer was nietemin in die eerste helfte van 1993 steeds 14 en 5½ persent bo hul onderskeie vlakke in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners (seisoensaangesuiwerde waarde teen 'n jaarkoers) het van R11,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R12,2 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Hoër reiskoste wat verband gehou het met die groter aantal Suid-Afrikaners wat oorsee gereis het, was grotendeels vir die skerp toename in dienstebetalings verantwoordelik. Hierdie hoër betalings is in 'n sekere mate teegewerk deur 'n stygging in die ontvangste vir vrag en versekering op goedere en vervoerdienste wat aan buitelanders gelewer is.

Kapitaalbewegings

Die *netto uitvloeiing van kapitaal*, wat gedurende die tweede kwartaal van 1992 begin toeneem het vanweë die dooie punt in die politieke onderhandelingsproses in daardie stadium en wat in die daaropvolgende nege maande merkbaar verswak het, het in die tweede kwartaal van 1993 effens verbeter. Nadat die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie van 'n skrale R11 miljoen in die eerste kwartaal van 1992 tot R3,7 miljard in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem het, het dit in die tweede kwartaal van 1993 tot R1,7 miljard teruggesak. Die totale netto uitvloeiing van kapitaal was gevvolglik oor die tydperk van twaalf maande wat in Junie 1993 geeindig het, nie minder nie as R9,8 miljard, vergeleke met R4,4 miljard in die voorafgaande tydperk van twaalf maande.

Soos wat verwag kon word, het hierdie verbetering in die kapitaalrekening hoofsaaklik in die *korttermynkapitaalbewegings* voorgekom: korttermynkapitaal (uitgesond laste verwant aan reserwes maar met inbegrip van onaangetekende transaksies) het van netto uitvloeiinge van R2,6 miljard in die vierde kwartaal van 1992 en R3,5 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot 'n meer matige R1,7 miljard in die tweede kwartaal afgeneem. Hierdie kleiner uitvloeiing van korttermynfondse het nietemin die gemiddelde kwartaallikse netto uitvloeiing van R1,2 miljard oorskry wat gedurende 1992 aangeteken is. Die verdere uitvloeiing van korttermyn-

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1992				Jaar	1993	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw		1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal							
Openbare owerhede.....	941	303	-133	-786	325	-119	-597
Openbare korporasies.....	55	540	-227	172	540	-526	-132
Private sektor	-1 283	-880	48	-261	-2 376	441	750
Totale langtermynkapitaal.....	-287	-37	-312	-875	-1 511	-204	21
Korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes.....	276	-1 684	-664	-2 629	-4 701	-3 452	-1 717
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes	-11	-1 721	-976	-3 504	-6 212	-3 656	-1 696


Kapitaal in die tweede kwartaal van 1993 is waarskynlik meegebring deur vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste wat met die voortgesette sterk vertoning van die dollar op die internasionale buitelandse valutamarkte verband gehou het, die beskikbaarheid van binnelandse kredietfasilitete en die voortdurende onrus in die land.

Langtermynkapitaalbewegings het van 'n aangetekende netto uitvloeiing van R204 miljoen in die eerste kwartaal van 1993 tot 'n klein netto invloeiing van R21 miljoen in die tweede kwartaal verander. Soos in die bygaande tabel getoon word, is hierdie netto invloeiing van langtermynkapitaal geheel en al te danke aan 'n invloeiing van kapitaal na die private sektor. Hierdie invloeiing is op sy beurt teweeggebring deurdat nie-inwoners netto aankopers was van aandele en effekte ter waarde van R1,2 miljard wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, dit wil sê deur die aanwending van bestaande finansiëlerandsaldo's in Suid-Afrika. Hierdie invloeiinge het gevvolglik nie 'n toename in die buitelandse reserwes teweeggebring nie, maar is deur ooreenstemmende uitvloeiinge in ander poste op die kapitaalrekening van die betalingsbalans geneutraliseer. Uitgesonderd hierdie netto aankope van aandele en effekte deur nie-inwoners, is 'n netto uitvloeiing van R0,4 miljard nog in die langtermynkapitaal van die private sektor aangeteken. Openbare owerhede en openbare korporasies het ook voortgegaan om netto terugbetelings op buitelandse langtermynskuld te maak.


Buitelandse reserwes

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het die netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie in die tweede kwartaal van 1993 oorskry, met die gevolg dat die *netto goud- en ander*

Bruto goud- en ander buitelandse reserwes



Verandering in totale netto buitelandse reserwes



buitelandse reserwes van die land met R1,2 miljard toegeneem het. Gedurende die eerste helfte van 1993 het die totale netto buitelandse reserwes egter steeds met R2,0 miljard afgeneem, nadat dit gedurende 1992 in sy geheel met R2,3 miljard gedaal het.

Die verbeterde buitelandse reserweposisie in die tweede kwartaal van 1993 het die monetêre sektor in staat gestel om sy laste verwant aan reserwes gedurende hierdie tydperk met R1,6 miljard te verminder; hierdie laste het in die voorafgaande twaalf maande met R4,5 miljard toegeneem. Indien positiewe waardasie-aansuiwerings van R1 miljard in berekening gebring word, wat hoofsaaklik uit die stijging in die goudprys voortgespruit het, het Suid-Afrika se totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes in die tweede kwartaal met R0,7 miljard tot 'nvlak van R10,2 miljard aan die einde van Junie 1993 gestyg. Hierdie toename het grotendeels in die buitelandse reserwes van die private banke plaasgevind, terwyl die buitelandse reserwes van die Reserwebank bykans onveranderd gebly het. Die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank het in Julie en Augustus 1993 met R0,5 miljard tot R7,0 miljard aan die einde van Augustus 1993 gedaal. Die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank het egter oor hierdie tydperk op ongeveer dieselfde vlak gebly.

Wisselkoerse


Die onbestendigheid in die internasionale buitelandse valutamarkte en Suid-Afrika se swak algehele betalingsbalansposisie het veroorsaak dat die *nominale effektiewe wisselkoers van die rand* in die tweede kwartaal van 1993 met 4,8 persent en in die daaropvolgende twee maande tot aan die einde van Augustus 1993 met 'n verdere 0,3 persent gedepresieer het. In hierdie tydperk het die rand teenoor die meeste van die geldeenhede van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande gedaal. Die rand het veral skerp

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des '92 tot 31 Mrt '93	31 Mrt '93 tot 30 Jun '93	30 Jun '93 tot 31 Aug '93	31 Des '92 tot 31 Aug '93
Geweegde				
gemiddelde ...	-3,8	-4,8	-0,3	-9,9
VSA-dollar	-3,9	-4,4	-1,5	-9,4
Britse pond.....	-2,6	-5,3	-0,3	-7,9
Duitse mark	-3,4	-0,1	-2,6	-6,3
Japanse jen	-10,0	-11,9	-3,6	-24,3
Nederlandse				
gulden	-3,3	-0,4	-2,3	-6,2
Italiaanse lira....	5,3	-8,4	2,5	-1,9

Nomiale en reële effektiewe wisselkoerse van die rand



teenoor die Japanse yen gedepresieer as gevolg van die betreklike sterkte van hierdie geldeenheid: vanaf die begin van 1993 tot aan die einde van Augustus 1993 het die rand met nie minder nie as 24,3 persent teenoor die yen gedaal. Dit het gedurende hierdie tydperk egter ook betreklik skerp teenoor die VSA-dollar en die Britse pond gedepresieer.

Die *reële effektiewe wisselkoers van die rand* het in die tweede kwartaal van 1993 met 2,2 persent gedaal. Dit volg op 'n afname van 2,7 persent in die eerste kwartaal van hierdie jaar. Aan die einde van Junie 1993 was die reële effektiewe wisselkoers van die rand gevoldiglik 4,9 persent laer as die vlak aan die einde van 1992 en 4,3 persent laer as die vlak aan die einde van 1991.

Die finansiële rand het gedurende die eerste sewe maande van 1993 betreklik bestendig gebly, grotendeels vanweë die volgehoue belangstelling in die Suid-Afrikaanse goudmynaandele en die redelik gunstige vordering in die konstitusionele onderhandelingsproses. Met die uitsondering van die tydperk onmiddellik ná die sluipmoord op mn Chris Hani in April, het die finansiële rand van die einde van Januarie 1993 tot die einde van Julie 1993 tussen die nou grense van R4,47 en R4,74 per dollar gewissel. 'n Skerp daling in die prys van goud het daarna die finansiële rand van R4,51 per dollar op 2 Augustus 1993 tot R4,69 per dollar op 31 Augustus 1993 laat depresieer. Die diskonto op die finansiële rand het oor dieselfde tydperk van 25 tot 28 persent vergroot. Aan die einde van Augustus 1993 was die finansiële rand 3,6 persent bo die vlak aan die einde van Desember 1992.

Finansiële markte

Geldvoorraad

Die toename in die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3), wat gedurende 1992 ruim binne die geldvoorraadriglyne van 7-10 persent gebly het, het gedurende die eerste helfte van 1993 tot onder die nuwe geldvoorraadriglyne van 6-9 persent gedaal. Aan die einde van Junie 1993 het die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 R195,4 miljard beloop, wat effens laer was as die basiswaarde van die riglyne van R196,5 miljard, en ook R8,4 miljard (of 4,1 persent) laer as die onderste perk van die geldvoorraadriglyngrens wat vir Junie 1993 bereken is. Die groei in M3 vanaf die basis van die huidige riglyngebied (persentasie-verandering teen 'n jaarkoers) het in Junie 1993 'n negatiewe koers van 0,9 persent bereik.


Die afwaartse neiging in die groei van die geldvoorraad gedurende die eerste helfte van 1993 word ook duidelik in die koers van toename in M3 oor tydperke van twaalf maande weerspieël. Hierdie groeikoers in M3 het van 8,0 persent in Desember 1992 tot slegs 3,3 persent in Junie 1993 gedaal. Voorlopige ramings vir Julie 1993 dui daarop dat die groei in M3 oor tydperke van twaalf maande verder tot 'n laagtepunt van 1,8 persent in hierdie maand gedaal het.

Verskeie faktore was vermoedelik vir hierdie baie lae

groeikoers in M3 gedurende die eerste sewe maande van 1993 verantwoordelik, veral die lae vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid en die betreklik beperkende monetêre beleidsingesteldheid. Die konsolidasie van kliënte se deposito's en leningsbedrywigheide ingevolge buigsame verbandfasilitete en 'n mate van disintermediasie, wat onder andere deur die betreklike groot gapings tussen banke se deposito- en uitleenkoers veroorsaak is en die verkope van bankaksepte aan beleggers in die nie-bank private sektor nadat die likwiedebatestatus van hierdie instrumente opgehef is, het ook tot die verdere verlangsaming in die groei van die geldvoorraad bygedra. Ander regulatoriese veranderinge, soos die aanpassing in die basis waarvolgens die kontantreserwe- en likwiedebatevereistes bereken word, het ook die geldvoorraad beïnvloed.


Hierdie faktore het tot 'n vermindering in die groeikoers van bykans al die enger monetêre totale in die eerste ses maande van 1993 bygedra. Die koers van toename in M1 en M2 oor tydperke van twaalf maande het onderskeidelik van 17,5 en 10,9 persent in Desember 1992 tot 11,0 en 1,8 persent in Junie 1993 gedaal. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die groeikoers in M1A oor tydperke van twaalf maande aansienlik gewissel en per saldo van 16,2 persent in Desember 1992 tot 18,1 persent in Junie 1993 toegeneem vanweë 'n verskuwing na tjeke- en transmissiedepositos (die hoofkomponente van M1A) by banke. Hierdie verskuwing van langer- na korttermyndepositos was 'n duidelike weerspieëling van die hoër likwiditeitsvoorkleur van die private sektor.

Riglyne vir groei in M3



* Vooruitskatting.

Inkome-omloopsnelheid van geld



Die belangrikste teenhangers (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die afname van R1,5 miljard in M3 van die einde van Desember 1992 tot die einde van Junie 1993, was afnames in die monetêre sektor se netto goud- en ander buitelandse reserwes van R2,1 miljard en in die netto eise teen die regeringssektor van R4,8 miljard. Hierdie ontwikkelings is gedeeltelik teengewerk deur toenames van R3,1 miljard in hierdie instellings se netto eise teen die private sektor en R2,3 miljard in hul "netto ander bates".

Die laer groei in die geldvoorraad gedurende die eerste helfte van 1993 het met 'n toename in die *inkome-omloopsnelheid* van M3 gepaardgegaan. Die inkome-omloopsnelheid het vanaf die vierde kwartaal van 1992 tot die tweede kwartaal van 1993 met 5,2 persent gestyg.

Kredietverlening

Die groei in totale binnelandse kredietverlening deur monetêre instellings het gedurende die eerste helfte van 1993 aansienlik verlangsaam: die koers van toename oor twaalf maande het van 10,4 persent in Desember 1992 tot 7,4 persent in Junie 1993 teruggesak, wat ruim onder die inflasiekous (soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks) was. Hierdie laer groei in die binnelandse krediet was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die swak ekonomiese toestande in die land, 'n klein vraag na fondse, die betreklik hoe koste vanleenbedrywigheede en 'n mate van disintermediasie.

Die groeikoers oor tydperke van twaalf maande in kredietverlening aan die binnelandse *nie-bank private sektor* deur monetêre instellings het ook van 8,7 persent in Desember 1992 tot 7,0 persent in Junie 1993 afgeneem. Op soortgelyke wyse het die koers van toename seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef, in die kwartaallikse gemiddelde van monetêre instellings se eise teen die binnelandse nie-bank private


sektor in die tweede kwartaal van 1993 tot slegs 1,4 persent gekrimp; dit het in die vierde kwartaal van 1992 7,1 persent beloop.

'n Ontleding van monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor volgens *soort krediet* toon dat die laer groei in sodanige kredietverlening gedurende die eerste helfte van 1993 hoofsaaklik deur betreklik laer koers van toename in bruukhuurfinansiering en in "*ander lenings en voorskotte*" (insluitend oortrokke rekeninge) veroorsaak is. Die groei oor twaalf maande in *bruukhuurfinansiering* het merkbaar van 9,6 persent in Desember 1992 tot slegs 2,2 persent in Junie 1993 gedaal. Die ooreenstemmende groeikoers in "*ander lenings en voorskotte*" het ook verder gedaal van 'n reeds lae positiewe vlak van 0,9 persent in Desember 1992 tot negatiewe vlakte gedurende die eerste ses maande van 1993; dit het in Junie 1993 -0,6 persent beloop.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die koers van toename in *afbetalingsverkoopkrediet* merkbaar toegeneem van slegs 1,5 persent in Desember 1992 tot 6,3 persent in Maart 1993 en selfs verder tot 11,4 persent in Junie. Die versnelling in hierdie soort kredietverlening hou hoofsaaklik verband met vooruit-aankope van duursame goedere deur huishoudings en ondernemings in afwagting van 'n stygging in die koers van belasting op toegevoegde waarde en 'n stygging in motorprys as gevolg van die depresiasi van die rand.

Ondanks die betreklik lae toename in die nominale waarde van transaksies in vaste eiendom, het die vraag na *verbandfinansiering* lewendig gebly. Die buigsaamheid van sommige verbandskemas wat deur banke aangebied word en die banke se aktiewe bevordering van hierdie soort kredietfasilitet as gevolg van die laer kapitaalvereistes van toepassing op sulke voorskotte, het hierdie soort krediet steeds aantreklik vir leners gemaak. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte in Junie 1993 het derhalwe betreklik hoog op 17,5 persent gebly; die ooreenstemmende koers in Desember 1992 was 17,3 persent.

Kredietverlening en inflasiekous




Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Geldmarktoestande het gedurende die eerste agt maande van 1993 betreklik stram gebly. Die gemiddelde daaglikskevlak van akkommodasie by die diskontovenster het van R3,2 miljard in Desember 1992 tot R5,6 miljard in April 1993 toegeneem. Hoewel die vlak van akkommodasie in Julie 1993 tot R2,8 miljard gedaal het, het dit nie 'n verruiming van geldmarktoestande weerspieël nie; die geldmarktekort het slegs na 'n laer, maar steeds beperkende, vlak beweeg onder die nuwe stelsel van akkommodasie wat op 1 Mei 1993 deur die Reserwebank ingestel is. In Augustus 1993 het die gemiddelde daaglikskevlak van akkommodasie weer iets wat tot R3,3 miljard toegeneem.

'n Aansienlike toename in regeringsdeposito's wat deur die oorbefondsing van die skatkistekort veroorsaak is, was grotendeels vir die stram geldmarktoestande in

Akkommodasie by die diskontovenster



die eerste agt maande van 1993 verantwoordelik. In die eerste ses maande van die jaar het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank ook skerp gedaal. 'n Verbetering in die spekulatiewe kapitaaluitvloeiinge het daarna 'n styging in die netto buitelandse reserwes van die Bank in Julie tot gevolg gehad, voor dit weer in Augustus afgeneem het as gevolg van terugbetaalings van buitelandse skuld ingevolge die skuldstilstandooreenkoms met buitelandse krediteurbanke. 'n Betreklike klein toename in die financiering van die Land- en Landboubank deur die Reserwebank en die Korporasie vir Openbare Deposito's sowel as 'n matige afname in note in omloop gedurende die eerste agt maande van 1993, kon nie die vernouende effek van hierdie ander faktore teenwerk nie.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende die eerste agt maande van 1993 was hoofsaaklik daarop gerig om die stram toestande te verlig. Hierdie benadering was veral in die tweede kwartaal van die jaar duidelik toe die Reserwebank met die instelling van die nuwe stelsel van akkommodasie doelbewus opgetree het om die geldmarktekort te verlaag ten einde dit meer te laat ooreenstem met die beskikbaarheid van papier wat vir oornaglenings teen Bankkoers gebruik kan word. Dit is bereik deur die vermindering van die minimum kontantreserwevereiste waaraan banke moet voldoen, deur middel van die aangaan van terugkoopooreenkomste en deur die oordrag van fondse vanaf die Skatkisrekening by die Reserwebank na banke as 'n tussentydse maatreël in afwagting van die voorgestelde Stelsel van Belasting- en

Leningsrekenings. Aan die einde van Augustus 1993 het die fondse van die regering wat by die banke geplaas is, op R6,0 miljard te staan gekom.

Die optrede van die monetêre owerhede in die geldmark gedurende die eerste agt maande van 1993 het ook uit die neutralisering van korttermynfluktusies by wyse van aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's bestaan. Hierdie aanpassings het per saldo egter 'n verruimende invloed van ongeveer R2,1 miljard op geldmarktoestande gehad. Op 4 Augustus 1993 het die Reserwebank aangekondig dat 'n verdere verlaging in die banke se minimum kontantreserwevereiste gemaak gaan word en dat banke weer toegelaat gaan word om hul verpligte vir die doeleindes van die berekening van die kontantreserwevereistes te verminder deur interbankdeposito's en sekere terugkoopooreenkomste af te trek. Hierdie veranderings sal die minimum kontantreserwevereiste vanaf 21 September 1993 met ongeveer R1,2 miljard verlaag, maar die uitwerking op die geldmark sal na verwagting kleiner wees as gevolg van die betreklike groot hoeveelhede kluiskant in die besit van die banke, wat nie in dieselfde verhouding behoort te daal nie.


Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die eerste agt maande van 1993 het R118 miljard beloop, teenoor R70 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1992 en R112 miljard vir 1992 in geheel. Na aankope in die mark in berekening gebring is, het die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank gedurende die eerste agt maande van 1993 op R11,1 miljard te staan gekom; in die ooreenstemmende tydperk in 1992 het sodanige netto verkope in totaal R12,0 miljard beloop. Die Reserwebank se handel in opsies op staatseffekte, wat van 'n maandelikse gemiddeld van R2,0 miljard in 1991 tot R5,2 miljard in 1992 gestyg het, het in die eerste agt maande van 1993 slegs matig tot 'n maandelikse gemiddeld van R5,3 miljard toegeneem.

Geldmarkrentekoerse

Die algemeen afwaartse neiging in geldmarkrentekoerse, wat reeds aan die begin van 1990 'n aanvang geneem het, het gedurende die eerste vier maande van 1993 voortgeduur. Dit word duidelik deur die koers op bankaksente van drie maande weerspieël, wat skerp gedaal het van 16,65 persent aan die einde van Desember 1991 tot 12,65 persent aan die einde van 1992, en verder tot 12,30 persent aan die einde van April 1993. Hierdie koers het daarna voortgegaan om tot 11,75 persent aan die einde van Augustus 1993 terug te sak.

Sommige van die ander geldmarkrentekoerse het egter vanaf April 1993 effens gestyg. Die koers op interbankdaggaal het byvoorbeeld van 16,00 persent aan die einde van Desember 1991 tot 12,25 persent aan die einde van Desember 1992 en tot 10,50 persent aan die einde van Maart 1993 gedaal; dit het daarna weer aan die einde van Augustus 1993 tot 11,60 persent

Korttermynrentekoerse



toegeneem. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het ook van 16,13 persent aan die einde van Desember 1991 tot 11,32 persent aan die einde van Februarie 1993 en selfs verder tot 11,02 persent aan die einde van April 1993 gedaal; die volgehoue daling in hierdie koers het waarskynlik met die verhoogde status van hierdie geldmarkinstrument in die stelsel van akkommodasie by die Reserwebank verband gehou. Hierdie skatkiswisselkoers het daarná aan die einde van Augustus 1993 tot 11,72 persent gestyg as gevolg van die strammer geldmarktoestande en 'n afname in die verwagtings van 'n verdere verlaging in Bankkoers.

Die primakoers op oortrekings by banke het die verlaging in Bankkoers gevolg en is effekief op datums wat tussen 15 Februarie en 2 Maart 1993 by die verskillende banke gewissel het, van 17,25 tot 16,25 persent verlaag. Die inflasie-aangepaste of reëele primakoers op oortrekings het van 'n betreklik hoë vlak van 7,0 persent in Desember 1992 tot 5,8 persent in Julie 1993 afgeneem, vanweë die daling in die nominale primakoers op oortrekings en 'n klein toename in die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks gedurende hierdie tydperk.

Kapitaalmarkbedrywigheid


'n Skerp styging in die goudprys, 'n afname in opbrengs-koers op effekte en uiteenlopende verwagtinge ten opsigte van rentekoersbewegings het die handel in effekte en afgeleide instrumente gedurende die eerste agt maande van 1993 verhoog. Aandelepryse het in Julie 1993 nuwe rekordvlakke bereik voordat 'n afwaartse

aanpassing in die goudprys 'n daling in die prys van aandele gedurende Augustus tot gevolg gehad het. In die primêre kapitaalmark het die bedrag aan fondse wat deur die openbare sektor opgeneem is, in die eerste helfte van 1993 betekenisvol toegeneem, maar die waarde van nuwe uitgifte van sekuriteite deur die private sektor het gelyk verloop. In teenstelling met hierdie betreklik lewendige toestande, het transaksies in vaste eiendom in die eerste helfte van 1993 verder afgeneem.


Verwagtinge van algemeen laer rentekoerse het die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, van R131 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R168 miljard in die eerste kwartaal van 1993 opgestoot; dit het daarna teruggeval tot R143 miljard in die tweede kwartaal as gevolg van die groot aantal openbare vakansiedae waarop geen handel plaasgevind het nie en 'n verstewiging in opbrengskoerse. In Julie en Augustus 1993 het die maandelikse gemiddelde waarde van handelsbedrywigheid tot R60,3 miljard van R47,6 miljard in die tweede kwartaal van 1993 toegeneem.

Die totale waarde van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is en wat in 1991 en 1992 deurgaans om 'n kwartaallike gemiddelde bedrag van R5,5 miljard gewissel het, het skerp toegeneem tot R8,0 miljard en R10,8 miljard in die eerste en tweede kwartaal van 1993 onderskeidelik. Hierdie hoë omset is meegebring deur toenames in sowel die prys as die volume van aandele wat verhandel is. Die afwaartse beweging in korttermynrentekoerse, verhoogde netto aankope van aandele deur nie-inwoners (van

Effektebeurstransaksies



Aandelepryse



Januarie tot Mei), en die hoër prys van goud het aansienlike steun aan die aandelemark gedurende die eerste helfte van 1993 verleen. Die waarde van aandele wat verhandel is, het in Julie en Augustus tot 'n gemiddelde maandelikse waarde van R4,0 miljard toegeneem.

In ooreenstemming met baie van die vernaamste aandelebeurse in die wêreld, het aandelepryse op die Johannesburgse Effektebeurs teen die einde van 1992 begin herstel. Die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het trouens van November 1992 tot Julie 1993 met nie minder nie as 34,3 persent toegeneem. 'n Sterk stygging in die vraag na goud en 'n gepaardgaande toename in die goudprys het geleid tot 'n aansienlike stygging in die prys van goudmynaandele. Die prys van nywerheids-, handels-, finansiële en ander mynbou-

aandele het in die eerste sewe maande van 1993 ook opwaarts geneig. In Augustus 1993 het die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele egter met 1,3 persent afgeneem toe die goudprys skerp gedaal het.

Die herstel in aandelepryse, die swakker finansiële rand en die belangstelling van nie-inwoners in goudmynaandele het 'n skerp toename in nie-inwoners se netto aankope van aandele teweeggebring, naamlik van 'n gemiddelde kwartaallikse bedrag van R0,3 miljard in die laaste helfte van 1992 tot R1,1 miljard in die eerste helfte van 1993. Nie-inwoners het ook netto aankopers van effekte van die openbare sektor gebly en in die eerste twee kwartale van 1993 effekte ten bedrae van R0,2 miljard en R0,4 miljard aangekoop. Totale netto aankope van sekuriteite deur nie-inwoners het gevoldlik in die eerste helfte van 1993 R2,7 miljard beloop. In Julie en Augustus het nie-inwoners steeds op 'n netto basis effekte van die openbare sektor aangekoop ten bedrae van R0,3 miljard; hulle het egter weer eens netto verkopers van aandele tot 'n bedrag van R0,2 miljard geword.


In die primêre kapitaalmark het netto nuwe lenings deur die openbare sektor deur uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite in die eerste kwartaal van 1993 skerp toegeneem toe dit duidelik geword het dat die werklike skatkistekort aansienlik hoër sou wees as die begrote bedrag. Die fondse wat deur leners in die openbare sektor bekomen is, het van R0,3 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R8,1 miljard in die eerste kwartaal van 1993 toegeneem; dit het daarna selfs verder tot R11,0 miljard in die tweede kwartaal van 1993 (of die eerste kwartaal van die fiskale jaar) toegeneem. Dit het die nuwe uitgifte van effekte van die openbare sektor in die eerste ses maande van 1993 op R19,1 miljard te staan gebring, vergeleke met R10,3 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1992.

Nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele en obligasies van maatskappye) deur genoteerde maatskappye in die private sektor het van R1,0 miljard in die tweede helfte van 1992 tot R0,5 miljard in die eerste helfte van 1993 afgeneem. Die waarde van regte-uitgifte van gewone aandele deur genoteerde maatskappye het oor dieselfde tydperk van R1,7 miljard tot R2,3 miljard toegeneem. Die betekenisvolle herstel in aandelepryse en die sterk vraag na goeie gehalte aandele in die eerste helfte van 1993 het die uitgifte van aandelekapitaal toenemend aantreklik gemaak.

In die verbandmark het die bevordering van buigsame verbandfasilitete tot gevolg gehad dat 'n gemiddelde maandelikse bedrag van R2,9 miljard in die eerste ses maande van 1993 aan verbandlenings deur banke uitbetaal is – dieselfde hoë vlak as in die tweede helfte van 1992. Op 'n netto basis het die totale uitstaande besit aan verbandlenings deur hierdie instellings gevoldlik verder toegeneem van R78,5 miljard in Desember 1992 tot R85,2 miljard in Junie 1993.


Die mark vir vaste eiendom het voortgegaan om die

Transaksies in vaste eiendom



felheid van die huidige ekonomiese afwaartse beweging te weerspieël. Die aantal eiendomstransaksies in die eerste ses maande van 1993 was gevvolglik 16 persent laer as in die eerste ses maande van 1992, terwyl die gemiddelde prys van sodanige transaksies oor dieselfde tydperk met slegs 7,8 persent gestyg het. Die afnemende vlak van transaksies in vaste eiendom kon

Termynbeurstransaksies



toegeskryf word aan dalende reële persoonlike beskikbare inkomste, toenemende onsekerheid oor politieke ontwikkelings en laer opbrengste op beleggings.


Die bedrywigheid in termynkontrakte in aandelenindeks is gedurende die eerste sewe maande van 1993 deur skerp stygende aandelepryse gestimuleer. Die gemiddelde maandelikse onderliggende waarde van transaksies in termynkontrakte het oor hierdie tydperk R7,2 miljard beloop, vergeleke met R3,6 miljard in 1992. Nadat die onderliggende waarde van transaksies in termynkontrakte in Julie 1993 die hoë vlak van R9,1 miljard bereik het, het dit in Augustus ietwat tot R7,9 miljard afgeneem. Die waarde van handel in opsiestermynkontrakte het van 'n maandelikse gemiddelde van R103 miljoen in die eerste kwartaal van 1993 tot R305 miljoen in die tweede kwartaal en tot R391 miljoen in Julie en Augustus 1993 toegeneem. In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die bedrywigheid op die Johannesburgse Effektebeurs se Verhandelbare Opsiemark, wat gedurende die tweede helfte van 1992 verswak en in die eerste twee maande van 1993 slegs effens opgetel het, in die tydperk Maart tot Junie heeltemal weggeval.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Nadat die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte skerp van 16,9 persent in Februarie 1992 tot 13,9 persent in Oktober afgeneem het, het dit in die daaropvolgende agt maande tussen 14,4 en 15,0 persent gewissel. Die hoë vlak van hierdie langtermynkoers was hoofsaaklik die gevolg van 'n aansienlike toename in die aanbod van staatseffekte wat verband gehou het met die hoë leningsbehoefte van die Sentrale Regering en die omskakeling van bankkrediet van die TBVC-lande na bemarkbare effekteskuld. In reaksie op die laer-as-verwagte gemete inflasiekoers, het die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte toe weer afgeneem van 14,7 persent in Junie 1993 tot 14,2 persent in Julie en tot 13,8 persent in Augustus. Die maandelikse gemiddelde reële opbrengskoers op staatseffekte het ook afgeneem van 4,3 persent in Junie 1993 tot 3,9 persent in Julie.

Die banke se oorheersende koers op huisverbandlenings is vanaf 1 Maart 1993 met 0,75 persentasiepunte tot 16,0 persent verminder, ná die verlaging in die Bankkoers op 9 Februarie 1993. Die koers op huisverbandlenings is derhalwe nou reeds met 4 persentasiepunte sedert die begin van 1992 verlaag. Die rentekoers op deposito's by banke is selfs meer as hierdie uitleenkoers verminder. Die koers op deposito's van twaalf maande is byvoorbeeld verlaag van 15,5 persent aan die begin van 1992 tot 12,0 persent in Desember en toe verder tot 11,0 persent in Februarie 1993. Sonder 'n gepaardgaande verhoging in die koers op huisverbandlenings, het sommige banke die koers op deposito's van twaalf maande in April weer tot 12,0 persent verhoog, terwyl ander hulle teen die middel van Mei gevolg het. Hierdie koers het aan deposante 'n

Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



positiewe reële opbrengs voor belasting van 1,9 persent in Julie 1993 gelewer.

As 'n weerspieëling van die herstel in aandelepryse, het die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele van 3,51 persent in Desember 1992 tot 2,75 persent in Julie 1993 afgeneem. Die gemiddelde verdienste-opbrengskoers op alle klasse aandele (uitgesonderd goudmynaandele) het oor dieselfde tydperk van 7,74 persent tot 6,59 persent afgeneem.

Die meeste van die amptelik bepaalde langertermynrentekoerse is ook gedurende die eerste agt maande van 1993 verlaag. Die maksimum toelaatbare koers op *finansieringskoste* soos deur die Woekerwet vasgestel word, is byvoorbeeld met ingang van 12 Maart 1993 verminder van 26 tot 25 persent in die geval van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies vir bedrae van meer as R6 000 (maar nie meer as R500 000 nie), en van 29 tot 28 persent in die geval van transaksies vir bedrae tot en met R6 000. Die *amptelike rentekoers*, soos omskryf in die Inkomstebelastingwet (Wet nr 58 van 1962) vir doeleindes van belasting op byvoordele, is eweneens met ingang van 1 Januarie 1993 met 2 persentasiepunte tot 15 persent verlaag. Die *standaardrentekoers* van toepassing op lenings toegestaan deur die Staat uit die Staatsinkomstefonds (Skatkiswet, no. 66 van 1975) is egter met ingang van 1 Januarie 1993 met 0,5 persentasiepunte tot 15,5 persent verhoog. Dit is daarna met ingang van 1 Februarie 1993 tot 14,75 persent verminder, voordat dit weer tot 15,0 persent vanaf 1 Maart en vanaf 1 Mei

1993 tot 15,5 persent verhoog is. Op 1 Julie 1993 is dit weer tot 15,0 persent en op 1 Augustus 1993 verder tot 14,75 persent verlaag.


Openbare finansies

Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflassing van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en nie-finansiële owerheidsondernemings) het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 (die tweede kwartaal van die kalender jaar 1993) R7,5 miljard bedra, vergeleke met R10,7 miljard in die voorafgaande kwartaal en R6,4 miljard in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93. Hoewel die leningsbehoefte van die openbare sektor normaalweg in die eerste kwartaal van 'n fiskale jaar betreklik hoog is, het die tekort van 8,6 persent van die bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 die verhouding van 8,2 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar oorskry.

Hierdie groot leningsbehoefte van die openbare sektor is aangeteken ten spyte van 'n afname in die tekort van die nie-finansiële owerheidsondernemings, en kon grotendeels aan die verswakking in die bestedingspatrone van die *algemene owerheid* (dit is die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies en die plaaslike owerhede) toegeskryf word. Die totale besteding van die algemene owerheid het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 16,1 persent bo die vlak van die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 gestyg, dit wil sê teen 'n koers wat aansienlik hoër was as die inflasiekoers in Suid-Afrika. 'n Toename in lopende besteding was weer hoofsaaklik verantwoordelik vir die skerp toename in die totale besteding van die owerheid, terwyl kapitaalbesteding van die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 tot die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 met slegs 2,1

Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk



persent toegeneem het. Subsidies en ander oordragte het in die besonder teen nie minder nie as 28,3 persent oor hierdie tydperk gestyg, vanweë subsidies vir uitvoeraansporings en oordragte aan die TBVC-lande en selfregerende gebiede. Besteding aan goedere en dienste het ook oor hierdie tydperk van twaalf maande met 16,5 persent toegeneem; in die fiskale jaar 1992/93 het die groei in hierdie belangrike bestedingskomponent 11,2 persent bedra.


Die totale *inkomste* van die algemene owerheid het van die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 tot die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 met 13,3 persent toegeneem, wat hoër is as die gemiddelde groeikoers van 8,2 persent vir die fiskale jaar 1992/93 in sy geheel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het die inkomste van die algemene owerheid van 27,5 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 tot 28,6 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 toegeneem. Hierdie toename in die inkomste van die owerheid relatief tot bruto binnelandse produk was hoofsaaklik te danke aan 'n toename in belastinginkomste, terwyl ander inkomste matiger toegeneem het.

Met die uitsondering van plaaslike owerhede, buitebegrotingsinstellings en bestaansbeveiligingsfondse, het die *instellings van die algemene owerheid* in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 hoér leningsbehoeftes of kleiner oorskotte aangeteken. 'n Sterk verbetering in die finansies van die buitebegrotingsinstellings was hoofsaaklik te danke aan 'n voortgesette proses van kommersialisering, terwyl plaaslike owerhede in staat was om hulle leningsbehoefte te verminder. Die oorskot van provinsiale administrasies het egter afgeneem en die gekonsolideerde tekorte van die TBVC-lande en selfregerende state het groter geword. Die aansienlike styging in die leningsbehoefte van die Hoofbegroting het egter die belangrikste bydrae gelewer tot die groter leningsbehoefte van die openbare sektor. 'n Skerp toename in die besteding en 'n kleiner-asverwagte toename in die inkomste het tot 'n groot tekort voor lenings op die skatkisrekening geleei.

Skatkisrekening

Die koers van toename in *skatkisuitreikings* (ná die gebruiklike aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 12,7 persent bedra in vergelyking met die eerste kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar. Hoewel hierdie koers van toename ver onder die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 15,7 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare was, was dit steeds opmerklik hoër as die groeikoers van 8,8 persent in die begrote besteding vir die fiskale jaar 1993/94 in geheel. Indien skatkisuitreikings vir Julie 1993 ook in berekening gebring word, het die koers van toename van jaar tot jaar vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 12,4 persent beloop.

Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente




Persentasie-toename in skatkisontvangste

	Begroot vir die fiskale jaar 1993/94	Werklik in die eerste vier maande
Doeane en aksyns.....	10,0	13,7
Binnelandse inkomste ...	18,6	14,8
Inkomstebelasting....	11,6	1,3
Belasting op toegevoegde waarde.....	43,1	54,7
Totale ontvangste	17,3	13,0

13,0 persent gebly. In die Begroting is 'n toename van 17,3 persent in staatsinkomste vir die fiskale jaar in geheel voorsien.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, kon die laer-as-verwagte toename in staatsinkomste gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 hoofsaaklik aan die lae opbrengs uit inkomstebelasting gedurende hierdie tydperk toegeskryf word. Die Departement van Finansies het egter aangedui dat hierdie lae koers van toename beïnvloed kon gewees het deur die inwerkingstelling van veranderings in die inkomstebelastingstelsel en omdat die opbrengs uit hierdie bron in die res van die fiskale jaar hoër mag wees. Ontvangste uit die belasting op toegevoegde waarde, wat gedurende April en Mei 1993 negatief beïnvloed is

Begrote en werklike staatsinkomste



Rentebetאלings op staatskuld het van die eerste vier maande van 1992/93 tot die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 met slegs 0,9 persent toegeneem; die Begroting het vir 'n toename van 26,5 persent in hierdie betalings vir die fiskale jaar in geheel voorsiening gemaak. Hierdie betreklik lae toename in rentebetאלings op 'n hoër uitstaande bedrag van staatskuld was moontlik veroorsaak deur 'n klein deel van rentebetאלings wat in hierdie tydperk betaalbaar was. Dit beteken dat gedurende die res van die jaar groot bedrae aan rente betaalbaar sal wees, en dat die koers van toename in ander owerheidsbesteding van 13,8 persent in die eerste vier maande van 1993/94 teenoor die eerste vier maande van die voorafgaande fiskale jaar aansienlik hoër as die begrote koers van toename was. Boonop het die regering op 6 Augustus 1993 aangekondig dat 'n bedrag van R724 miljoen opsy gesit gaan word om bystand aan sekere sektore van die ekonomie te verleen: R469 miljoen vir 'n wye reeks van landboubedrywighede en R255 miljoen vir werkskepping.

Skatkisontvangste het gedurende die eerste twee maande van die fiskale jaar 1993/94 treurig gevaaar, maar gedurende Junie 1993 aansienlik verbeter. Dit het die koers van toename in staatsinkomste in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 vergeleke met die ooreenstemmende kwartaal in die voorafgaande fiskale jaar op 13,0 persent te staan gebring. Indien skatkisontvangste gedurende Julie 1993 ook in berekening gebring word, het die koers van toename van jaar tot jaar vir die eerste vier maande van 1993/94 onveranderd op

deur vooruitaankope om die verwagte stijging in die koers van die belasting op toegevoegde waarde te vermy, het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 met 54,7 persent toegeneem vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van die voorgaande fiskale jaar. Die opbrengs uit doeane- en aksynsregte het in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 ook teen 'n hoër-as-begrote koers gestyg.

Die hoër-as-begrote skatkisuitreikings en die laer-as-begrote staatsinkomste het 'n *skatkistekort* voor lenings en skuldaflassing van R9,4 miljard in die eerste vier maande van 1993/94 tot gevolg gehad; dit was gelyk aan 36,1 persent van die begrote tekort van R25,9 miljard vir die fiskale jaar in geheel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort voor lenings en skuldaflassing in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 op 10,0 persent te staan gekom, vergeleke met 'n gemiddeld van 8,3 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare en die begrote 7,0 persent vir die fiskale jaar 1993/94 in geheel. (Laasgenoemde verhouding verskil effens van die verhouding wat deur die Minister voorsien is, want vir doeleindes van ekonomiese ontleding is die opbrengs uit privatisering by gewone staatsinkomste uitgesluit en by die finansiering van die tekort ingesluit.)

Die skatkistekort voor lenings en skuldaflassing vir die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 is gefinansier deur fondse verkry van:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisie	3 774
Nie-monetäre private sektor	14 426
Buitelandse sektor	-190
Monetäre instellings	-6 534
Korporasie vir Openbare Deposito's	-2 599
Ander monetäre instellings	-3 935
Totale bruto finansiering	11 476
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte	2 112
Totale netto finansiering	9 364

Die *skuldnstrumente* wat gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 in die finansiering van die skatkistekort gebruik is, is soos volg:


	R miljoene
Staatseffekte (insluitende diskonto)	21 275
Skatkiswissels	-513
Buitelandse lenings	-112
Nie-bemarkbare sekuriteite	-60
Verandering in beskikbare kontantsaldo's (toename - , afname +)	
Kontantsaldo's by die Reserwebank	-3 114
Kontantsaldo's by banke	-6 000
Totale finansiering	11 476
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte	2 112
Totale netto finansiering	9 364

Uit hierdie inligting is dit duidelik dat *staatseffekte* die primêre skuldfinansieringsinstrument gebly het, wat ook die groot diskonto van nie minder nie as R2,1 miljard in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 verklaar. 'n Groot deel van hierdie effekte is namens die regeringsdienspensioenfondse deur die Openbare Beleggingskommissarisie opgeneem teen wat as aantreklike opbrengskoerse beskou is. Nie minder nie as 77,5 persent van die begrote leningsbehoefte is reeds in die eerste vier maande van die fiskale jaar 1993/94 deur middel van die uitreiking van staatseffekte gefinansier; in die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande fiskale jaar het hierdie verhouding 35,2 persent beloop. Die gevolg was dat die *beskikbare kontantsaldo's* van die regering in die vier maande tot aan die einde van Julie 1993 met R9,1 miljard gestyg het, waarvan 'n groot deel by banke geplaas is.

Ondanks 'n aansienlike stijging in die bedrag aan *skatkiswissels* wat sedert April 1993 by die weeklikse tender aangebied is, het die gebruik van skatkiswissels in die finansiering van die tekort kleiner geword. Hierdie afname was hoofsaaklik veroorsaak omdat die Korporasie vir Openbare Deposito's vanaf Junie 1993 sy beleggings in nie-bemarkbare skatkiswissels met 'n kort looptyd beëindig het. Dit het deel uitgemaak van die monetêre owerhede se program om die beperkende invloed wat die plasing van korttermyndeposito's by die Korporasie vir Openbare Deposito's op die geldmark het, te beperk.

As gevolg van die Skatkis se groot tekort voor lenings en die groot verhouding wat die oorbefondsing van die

Samestelling van die uitstaande staatskuld



tekort aangeneem het, het die *regeringskuld* (uitgesond finansiële waarborg) van R154,7 miljard aan die einde van Maart 1993 tot R175,2 miljard aan die einde van Julie 1993, of met 13,2 persent toegeneem. Nie minder nie as 66 persent van hierdie toename bestaan uit bemarkbare binelandse langtermynneffekteskuld, terwyl die bemarkbare korttermynneffekteskuld van die regering ook skerp gestyg het. Die nie-bemarkbare binelandse skuld en die buitelandse skuld van die regering het oor hierdie tydperk verminder.

Verklaring oor kontantreserwevereistes vir bankinstellings

Utgerek deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

4 Augustus 1993

Die Reserwebank het vroeër vanjaar 'n aantal wysigings aangebring wat die minimum kontantreserwe- en likwiedebatevereistes vir bankinstellings, asook die reëlings vir die voorsiening van akkommodasie deur die Reserwebank aan bankinstellings by die diskontovenster, beïnvloed. Hierdie wysigings het ingesluit:

- 'n nuwe vereenvoudigde basis vir die berekening van banke se minimum kontantreserwe- en likwiedebatevereistes. Hierdie nuwe basis sluit alle verpligte van banke in sonder dat enige onderskeid getref word tussen kort-, medium- en langtermynverpligtings. Banke word egter toegelaat om hul uitgereikte aandelekapitaal en opgelope reserwes van die totale verpligte af te trek;
- 'n nuwe, enger definisie van likwiede bates wat bankaktepte, promesses en verhandelbare leningsheffingsertifikate uitsluit.

In die lig van hierdie veranderinge is nuwe laer vlakke vir die minimum kontantreserwe- en likwiedebatevereistes as volg vasgestel:

- Ten opsigte van die kontantreserwevereiste is die minimum in April 1993 van 4 tot 3 persent verminder teenoor die korttermynverpligte van banke, en is daar op 'n geleidelike infaseringsprogram ooreengekom waarvolgens die basiese vereiste verder tot 1,5 persent van korttermynverpligte verminder en die vereiste teenoor alle ander verpligte van nul tot 1,5 persent verhoog sou word. Die bestaande aanvullende minimum kontantreserwevereiste van 1 persent van korttermynverpligtings, waarop 'n markverwante rente deur die Reserwebank betaal word, is vir alle banke behou.
- Ten opsigte van likwiede bates is 'n minimum vereiste van 5 persent teenoor banke se totale verpligte, soos verminder, vanaf April 1993 ingestel.

Die Reserwebank het terselfdertyd die wyse waarvolgens akkommodasie by die diskontovenster voorsien word verander vanaf die herverdiskontering van goedgekeurde geldmarkpapier na die voorsiening van oornaglenings teen die onderpand van goedgekeurde papier. Die Reserwebank het in hierdie verband aangekondig dat hy in die vervolg slegs op die volgende basis akkommodasie sal verleen:

- Oornaglenings sal teen Bankkoers toegestaan word indien Skatkiswissels, staatseffekte, Reserwebankwissels en Landbankwissels, almal met 'n onverstreke looptyd van minder as 92 dae, as onderpand aangebied word.

- Oornaglenings sal teen Bankkoers plus een persent toegestaan word indien Skatkiswissels, staatseffekte, Reserwebankwissels en Landbankwissels, almal met 'n onverstreke looptyd van 92 dae of langer maar korter as drie jaar, as onderpand aangebied word.

- Akkommodasie met ander tipes sekuriteit as onderpand, soos bankgeëndosseerde wissels en langtermynstaatseffekte, sal slegs in uitsonderlike gevalle verleen word teen 'n diskresionêre of onderhandelde rentekoers, en slegs vir 'n beperkte tydperk.

Laastens is daar, in samewerking met die Departement van Finansies, reëlings getref vir die oordrag van 'n gedeelte van regeringsdeposito's uit die Skatkisrekening by die Reserwebank na regeringsdepositorekenings by privaat bankinstellings. Op hierdie wyse kan groot tydelike verskuiwings van geldmarkfondse van die mark na die Reserwebank en andersom vermy word, waardoor die banke se behoefté om vir betreklik kort tydperke groot bedrae fondse by die Reserwebank te leen om die versteurende uitwerking van sodanige verskuiwings op die marklikwiditeit te neutraliseer, verminder word.

Die huidige posisie is dus nou soos volg:

- Die minimum kontantreserwevereiste teenoor die korttermynverpligte van alle bankinstellings sal vanaf 20 Augustus 1993, ooreenkomsdig die aangekondigde program hierbo uiteengesit, tot 2,5 persent verminder, en die vereiste teenoor ander verpligte sal dan tot 0,5 persent styg.
- Teen die einde van Julie 1993 is 'n totale bedrag van R6,0 miljard vanaf die Skatkisrekening by die Reserwebank na die nuutgestigde regeringsdepositorekenings by private bankinstellings oorgedra.
- Die nuwe metode van akkommodasie by die diskontovenster is ook reeds sedert 1 Mei 1993 in werking.

Die doel van die nuwe reëlings is om die doeltreffendheid van monetêre beleid oor die langer termyn te verbeter en is ook in ooreenstemming met die benadering waarvolgens daar, by die toepassing van finansiële voorsorgvereistes vir bankinstellings, groter klem op risikobestuur geplaas word. As deel van hierdie benadering is die toesighoudende owerhede nou besig met 'n spesiale ondersoek na die risikoblootstellings wat by sekuriteite-verhandeling in die Suid-Afrikaanse finansiële markte betrokke is. Daar is 'n mate van

kommer oor die bestaande ongelykhede wat voortspruit uit die voorgeskrewe finansiële vereistes waar hierdie soort transaksies deur geregistreerde bankinstellings aan die een kant, teenoor ander nie-bank sekuriteite-handelaars in die mark onderneem word. Ten einde billike en gelyke mededinging tussen alle deelnemers in die mark te verseker, sal 'n meer algemene risiko-gebaseerde kapitaalvereiste vir alle sekuriteitehandelaars, met inbegrip van fondsbestuurders, moontlik ingestel moet word.

Die Reserwebank is verder van mening dat vanuit 'n monetêre beleidsoogpunt, 'n verdere verlaging van die kontantreserwevereiste vir bankinstellings in hierdie stadium geregtig kan word. Die nuwe akkommadasieprosedures het effektiel 'n boonste perk geplaas op die totale bedrag aan akkommadasie wat bankinstellings geredelik by die diskontovenster kan bekom. Alhoewel die onlangse oordrag van regeringsdeposito's vanaf die Reserwebank na die banksektor die geldmarktekort verminder het, het banke verlede maand nog steeds gemiddeld R2,8 miljard per dag van die Reserwebank geleent. Op 30 Julie 1993 het die geldmarktekort in werklikheid R4,7 miljard bedra, wat die banke gedwing het om in die tweede kategorie van die akkommadasiefasiliteite, teen 'n koers van een persent bokant Bankkoers van die Reserwebank te leen.

Die meeste van die finansiële statistiek wat gedurende die afgelope paar weke vrygestel is, het, met uitsondering van die goud- en buitelandse valutareserwes wat steeds onder druk verkeer, gedui op 'n behoefte aan 'n matige verdere verslapping van die algehele monetêre beleidsingesteldheid. Daar is egter ook bemoedigende vooruitsigte vir 'n mate van verbetering in die buitelandse reserweposisie in die voorsienbare toekoms. Teen hierdie agtergrond kan 'n voortydige verlaging van die Bankkoers riskant wees, maar 'n effense verligting in die kontantreserwevereistes wat sowel die strukturele probleme van die sekuriteite-handel as die behoefte aan 'n matige verslapping in monetêre beleid aanspreek, kan tog in hierdie stadium geregtig word.

Die Reserwebank het derhalwe besluit om met ingang van die rapporteringsdatum soos bepaal kragtens die Bankwet ten opsigte van die maand eindigende 31 Augustus 1993, die volgende aanpassings aan die minimum kontantreserwevereiste vir alle bankinstellings aan te bring:

1. Banke sal toegelaat word om, as 'n tussentydse maatreël en in awagting van die instelling van meer eenvormige finansiële voorsorgvereistes vir alle sekuriteite-handelaars, hul kapitaal en reserwes sowel as interbank-verpligtings en ook sodanige terugkoopoorseenkomste as wat in hoofsaak aangewend word vir die befondsing van sekuriteite-handel, van hul totale verpligtinge af te trek voordat hul minimum kontantreserwevereistes bereken word. (Let wel: Hierdie vergunning raak nie die formule vir die berekening van die minimum likwiedebatevereistes nie.)

2. Die minimum kontantreserwe wat teenoor korttermynverpligtings soos verminder gehou moet word en wat binnekort 2,5 persent sal beloop, sal vir die verslagmaand van Augustus 1993 op 1,5 persent vasgestel word, en sal vervolgens vir elke daaropvolgende maand met 'n verdere 0,1 persent verminder word totdat dit vir die verslagmaand van Januarie 1994 die vlak van 1 persent bereik.

3. Die minimum kontantreserwe wat teenoor die ander verpligtings van elke bankinstelling gehou moet word en wat binnekort 0,5 persent sal beloop, sal met 0,1 persent per maand verhoog word totdat dit vir die verslagmaand van Januarie 1994 die vlak van 1 persent bereik.

4. Die bykomende kontantreserwesaldo by die Reserwebank van 1 persent van korttermynverpligtings, waarop rente betaal word, sal voorlopig behou word.

Hierdie verdere verlaging in die totale minimum kontantreserwevereiste vir banke sal 'n bedrag van ongeveer R1,0 miljard van hulle kontantreserwes onmiddellik vrystel en bring ook mee dat die uiteindelike mikpunt vir die reserwevereiste, wat nou in Februarie 1994 bereik sal word, in teenstelling met die vorige vlak van 1,5 persent, op 1 persent vasgestel word.

Dit word weer eens herbevestig dat die Reserwebank die veranderlike kontantreserwevereiste as 'n nuttige instrument vir monetêre beleidsdoeleindes beskou. 'n Nuwe basis van finansiële voorsorgbeheer vir sekuriteite-verhandeling, wat in die toekoms nie inbreuk sal maak op die vermoë van die monetêre owerhede om in die lig van veranderende monetêre beleidsdoelwitte die minimum kontantreserwevereiste te wysig nie, moet dus gevind word.

Die vereiste kennisgewings ter bekratiging van hierdie verandering sal binnekort in die Staatskoerant gepubliseer word.

Verbruikerskrediet in Suid-Afrika

deur B.E. van der Walt en J.W. Prinsloo

Inleiding

Die bestedings- en besparingsgedrag van 'n gemeenskap word bepaal deur verskeie faktore, waaronder die materiële en maatskaplike behoeftes van mense, die tradisie, die lewenstandaard en die ouderdomsamestelling van die bevolking. Private verbruiksbesteding word boonop in 'n groot mate bepaal deur die omvang van en die werklike en verwagte veranderings in die inkomte van verbruikers, sowel as deur die vermoë om toekomstige verdienste nou reeds te spandeer deur van krediet gebruik te maak.

Kredietverlening is 'n belangrike skakel in die transmissiemeganisme waarslangs veranderings in die monetêre beleid herlei word na veranderings in die totale vraag na goedere en dienste en die algemene vlak van die ekonomiese bedrywigheid. Meer geredelike toegang tot krediet stel sakeondernemings in staat om makliker met kapitaalprojekte te begin, voorraadvlakte aan te vul, personeel uit te brei en ander stappe te doen om die omvang van hul bedrywigheid te vergroot. Die beskikbaarheid van krediet maak dit vir huishoudings ook makliker om te spandeer. 'n Toename in die beskikbaarheid van krediet kan verbruikers in die versoeking bring om aankope nou in plaas van in die toekoms te doen.

In Suid-Afrika is daar weinig inligting oor die mate waarin private huishoudings krediet aanwend om lopende uitgawes te finansier. Die oogmerk met hierdie studie is om 'n oorsig te gee van die kredietfasiliteite wat deur verbruikers benut word, om ramings te voorsien van die benutting van kredietfasiliteite, om die veranderings in die gebruikmaking en die samestelling van verbruikerskrediet sedert 1969 te ontleed, en om van die belangrikste faktore wat die omvang en samestelling van verbruikerskrediet bepaal, te identifiseer en te bespreek.

Omskrywing van verbruikerskrediet

Soos later breedvoerig bespreek sal word, is daar verskeie redes waarom private huishoudings bereid is om krediettransaksies aan te gaan. Die gebruikmaking van verbruikerskrediet hou hoofsaaklik verband met die bereidwilligheid van verbruikers om toekomstige verbruik op te offer ter wille van die bevrediging om nou reeds te verbruik. Toekomstige verbruik word opgeoffer omdat verbruikers toekomstige verdienste sal aanwend om skuld af te los en renteverpligte na te kom, en dus minder sal hê om te bestee tensy hulle hul kredietfasiliteite verder vergroot.

Die soorte krediet waarvan verbruikers gebruik maak,

word gewoonlik as verbandvoorskotte of verbruikerskrediet geklassifiseer. Verbruikerskrediet word op sy beurt onderverdeel in ope-rekenings, persoonlike lenings by banke, ander persoonlike lenings, kredietkaartfasiliteite, afbetalingsverkoopooreenkomste en bruukhuurtransaksies.

Verbandvoorskotte

Verbandvoorskotte ontstaan wanneer huishoudingslenings aangaan om woonhuse en ander vaste eiendom te koop en die betrokke eiendom dan as onderpand vir die lening aanbied. Een van die eienskappe van so 'n verband is dat die verbandhouer gewoonlik 'n sekere gedeelte van die prys van die eiendom self moet afbetaal alvorens die verbandhouer die oorblywende deel van die koopsom beskikbaar stel. Die grootte van die lening word gewoonlik bepaal in ooreenstemming met die jaarlikse inkomste van die lener en die waarde van die eiendom wat as onderpand aangebied word. Die terugbetaling van die lening vind plaas oor 'n lang tydperk wat wissel van 20 tot 30 jaar, maar daar kan ook op korter tydperke ooreengetrek word.

In Suid-Afrika word die rente op verbandlenings teen 'n veranderbare koers gehef en kan die uitlener die rentekoers met kennisgewing van een maand aanpas. Die lener kan die verbandskulde enige tyd aflos sonder om enigsins benadeel te word. Terugbetalings vind egter normaalweg in maandelikse paaimeente plaas. Die maandelikse bedrag kan wissel in ooreenstemming met rentekoersveranderings.

Verbandlenings word ook aangegaan om fondse te bekomen vir ander doeleindes as die aankoop van vaste eiendom. In só 'n geval word vaste eiendom wat in die besit van huishoudings is as onderpand vir die lening beskikbaar gestel. Die fel mededinging tussen die verskillende finansiële instellings in Suid-Afrika sedert die eerste helfte van die tagtigerjare het daartoe geleid dat verbandvoorskotte toenemend vir ander doeleindes as die finansiering van transaksies in vaste eiendom aangewend is.

Kredietgeriewe vir lopende verbruiksbesteding

Ope-rekenings van huishoudings sluit in alle uitstaande debiete wat aan handelaars verskuldig is, asook bedrae wat aan koophulpverenigings betaalbaar is vir die aankoop van goedere en dienste van handelaars.

Aankope op ope-rekenings stel verbruikers in staat om die betaling vir die aankoop van goedere en dienste te skei van die datum waarop die goedere in werklikheid in besit geneem is, of die diens gelewer is. Die koopsom moet op 'n vasgestelde datum ten volle betaal wees of oor 'n tydperk in paaimeente betaal word.

Finansiering deur middel van ope-rekenings word gewoonlik gebruik vir die aankoop van duursame en

semi-duursame goedere en die lewering van verbruikersdienste. Die termyn van kredietverlening is kort en uitstaande saldo's is normaalweg binne een kalendermaand na die datum van die transaksie betaalbaar. Afbetalings wat strek oor tydperke van tot ses maande kom egter dikwels voor, veral waar semi-duursame goedere betrokke is.

Persoonlike lenings wat deur banke toegestaan word bestaan uit oortrekkingfasilitete wat die banke tot die beskikking van hul kliënte stel en ander voorskotte wat aan persone toegestaan word. Oortrekkingfasilitete is beskikbaar aan die houers van lopende rekeninge by banke wat verbruikers in staat stel om meer fondse te onttrek as wat op die rekenings gedeponeer is. Slegs die deel van die oortrekkingfasilitet wat in werklikheid deur die verbruiker benut word, word as verbruikerskrediet gereken. Die voorwaardes vir die terugbetaling van oortrokke rekenings is besonder plooibaar en word volgens die diskresie van die banke en met inagneming van die kliënt se behoeftes en finansiële vermoëns gereël. "Ander bankvoorskotte" word aan persone gemaak sonder dat hulle noodwendig die houers is van lopende of depositorekenings by die betrokke bank. Die voorwaardes vir terugbetaling van hierdie soort lenings is gewoonlik meer presies uiteengesit as wat die geval is by oortrokke rekenings en afbetaling word gewoonlik binne 'n vasgestelde tyd verwag.

Ander persoonlike lenings bestaan uit lenings wat deur langtermynversekeraars aan persone toegestaan word en waar die opgehopte fondse ingevolge 'n bestaande versekeringskontrak as onderpand vir die lening dien (sogenaamde lenings teen polisse). Lenings wat aan boere gemaak word vir die finansiering van verbruiksbesteding word ook by hierdie tipe van persoonlike lenings ingedeel, ongeag die instelling wat die krediet voorsien. Lenings wat deur boere aangegaan word met die uitsluitlike doel om boerderybedrywigheide te finansier, word egter nie as deel van die uitstaande verbruikerskrediet beskou nie.

Kredietkaartfasilitete word deur banke beskikbaar gestel en bied aan verbruikers 'n baie gerieflike metode om kooptransaksies te doen en om die betaling van die koopsom uit te stel. Debietsaldo's op die kaartrekening is gewoonlik binne een kalendermaand na die lewering van die rekening betaalbaar, maar sogenaamde begrotingsfasilitete is ook beskikbaar om die betaling oor langer termyne uit te stel. Die uitstaande debietsaldo's aan die einde van elke kalendermaand, en nie die totale beskikbare krediet nie, word by die berekening van totale verbruikerskrediet in aanmerking geneem.

'n Afbetalingsverkooptransaksie (huurkoopooreenkoms) is 'n transaksie ingevolge waarvan goedere of dienste aan die koper gelewer word, maar die betaling van die koopsom in paaiemente oor 'n tydperk in die toekoms gedoen word. Hoewel die koper die goedere in ontvangs neem, word hy nie die eienaar van die goedere bloot op grond van die besit daarvan nie en is die verkoper geregtig op die teruggawe van die goedere as

die koper nie aan die bepalings van die ooreenkoms voldoen nie. Afbetalingsverkooptransaksies word feitlik uitsluitlik gebruik vir die finansiering van die aankoop van duursame goedere waarvan die pryse hoog is in vergelyking met die kredietopnemer se inkomste en waar die verwagte lewensduur van die goedere lank is, byvoorbeeld drie tot vyf jaar. Die voorwaardes van hierdie soort kredietooreenkoms word gereguleer deur die Wet op Kredietooreenkoms (Wet no. 75 van 1980) en die Minister van Finansies en van Handel en Nywerheid is gemagtig om regulasies af te kondig om byvoorbeeld die maksimum termyn te bepaal waarbinne die volle prys betaal moet word en om die deel van die kontantprys vas te stel wat as aanvanklike deposito gemaak moet word.

Bruikhurooreenkoms is transaksies ingevolge waarvan goedere verhuur word maar waar nie ten tye van die aangaan van die transaksie ooreengekoms word dat die skuldenaar op enige tydstip gedurende of na die verstryking van die huurtermyn eienaar van die goedere word nie. Aangesien die kredietopnemer of skuldenaar nie eiendomsreg ingevolge die ooreenkoms verkry nie, behoort die uitstaande verpligte ook nie streng gespouse as verbruikerskuld in berekening gebring te word nie. Die Standpunt oor Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk¹ lê egter riglyne neer wat meebring dat die verpligte van persone ingevolge finansieringsbruikhuurtransaksies by verbruikerskrediet ingerekken moet word. Die finansiële bruikhurooreenkoms word beskou as 'n alternatief vir 'n kredietverkooptransaksie en al die risiko's en vergoeding verbonde aan die eiendomsreg van die betrokke bate word van die verhuurder na die huurder oorgedra. Dieselfde beginsels geld egter nie in die geval van bedryfsbruikhuurtransaksies nie, en die verpligte ingevolge hierdie ooreenkoms behoort nie by die ramings van die totale verbruikerskrediet ingesluit te word nie.

Berekening van verbruikerskrediet

Die belangrikste inligtingsbron vir die samestelling van statistiese tydreeks van die uitstaande verbruikerskrediet is die gegewens wat deur banke aan die Kantoor van die Registrateur van Banke voorsien word. Gegewens van die uitstaande saldo's van persoonlike lenings, kredietkaarte, afbetulingsverkoopoordeenkoms en bruikhurooreenkoms van persone en private organisasies sonder winsbejag word op 'n maandelikse grondslag aan die Registrateur voorsien. Private organisasies sonder winsbejag, soos klubs, kerke en

¹ Standpunt RE 105, Rekeningkundige verantwoording van hure in die finansiële state van huurders, soos gepubliseer deur Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters en goedgekeur deur die Rekeningkundige Praktykraad, hersien in Januarie 1989.

welsynsorganisasies word volgens aanvaarde internasionale voorskrifte as private huishoudings beskou, en die krediet wat aan sulke organisasies verleen word is dus deel van die skuld van huishoudings.

Die uitstaande verpligtinge van persone ingevolge bedryfsbruikhuurooreenkomste is soos vroeër aangedui nie deel van verbruikerskrediet nie. Die opgawes wat die banke indien onderskei ongelukkig nie tussen financieringsbruikhuurkonakte en bedryfsbruikhuurkonakte van persone nie. Die gevolg is dat die verpligtings van persone wat voortspruit uit bedryfsbruikhuurkonakte by die totale verbruikerskrediet ingesluit moes word, wat aanleiding gegee het tot 'n geringe oorskattung van die totale verbruikerskrediettotale. Die uitstaande verpligtinge van ingelyfde besighede en van huishoudings ingevolge bestaande bedryfsbruikhuurooreenkomste of -konakte, het aan die einde van 1992 minder as 3½ persent van die totale berekende verbruikerskrediet beloop.

Sedert Februarie 1991 is die gegewens soos deur die banke verstrek, sonder enige wysigings aangewend om te bepaal wat die omvang van verbruikerskrediet aan huishoudings is wat deur monetêre instellings verleen word. Vir die tydperk voor Februarie 1991 is vergelykbare gegewens wat aan die destydse Registrateur van Depositonemende Instellings en sy voorgangers verstrek is, gebruik om "beste" ramings van hierdie uitstaande verbruikerskrediettotale te verkry.

Gegewens van die uitstaande saldo's op die ope-rekenings van huishoudings is verkry uit die sensusverslae van die Sentrale Statistiekdiens oor die kleinhandel, die motorhandel en hersteldienste. Hierdie inligting is egter nie op 'n kwartaallikse basis beskikbaar nie. Daar moes van verskillende aanwysers van uitleenbedrywigheude gebruik gemaak word om kwartaallikse gegewens te bepaal. Hierdie aanwysers is ook gebruik om voorlopige ramings van die krediettotale te verkry vir die tydperke tussen sensusopnames. Ramings van die saldo's op die ope-rekenings en afbetaalingsverkoopooreenkomste van huishoudings met die handelsektor is gebaseer op opnames van afbetaalingsverkooptransaksies en ander krediettransaksies volgens die finansiële statistieke van die kleinhandel en die motorhandel, wat kwartaalliks deur die Sentrale Statistiekdiens ingesamel word.

Die kwartaallikse gegewens oor kredietfinansiering van verbruiksbesteding deur huishoudings op plase is van die Departement van Landbou verkry. Die Reserwebank samel gegewens op 'n kwartaallikse basis in van die betrokke versekeraars oor die persoonlike lenings wat versekeraars aan huishoudings toestaan en waar bestaande versekeringsooreenkomste as onderpand dien.

Soos reeds aangedui gebruik huishoudings voor-skotte op verbandlenings in 'n toenemende mate vir die aankoop van duursame verbruiksgoedere. Afsonderlike inligting oor hierdie aanwending van verbandvoorskotte is ongelukkig nie beskikbaar nie. Alle verbandskuld is derhalwe by die ramings van die totale uitstaande verbruikerskrediet uitgesluit.

Tekortkominge in die stelsel waarvolgens finansiële

instellings statisties verslag doen, het tot redelik onlangs die raming van 'n tydreeks van die totale verbandskuld van huishoudings verhinder. Onlangse aanpassings aan die verslagdoeningstelsel van die Registrateur van Banke het dit egter moontlik gemaak om 'n duidelike onderskeid tussen die verbandskuld van private huishoudings en die verbandskuld van geïnkorporeerde sakeondernemings te tref. Ramings van die totale uitstaande skuldverpligtinge van private huishoudings wat vir die samestelling van die totale uitstaande skuld gebruik word, is dus slegs sedert Februarie 1991 beskikbaar.

Die ramings van die uitstaande verbruikerskrediet en toepaslike verhoudings word as 'n bylae by hierdie studie aangeheg.


Ontwikkelings in verbruikerskrediet

Relatiewe belangrikheid van verbruikerskrediet

Die toenemende belangrikheid van verbruikerskrediet in die Suid-Afrikaanse ekonomie word weerspieël in die toename in die totale uitstaande verbruikerskrediet (dit wil sê krediet wat deur banke, versekeraars en op ope-rekening toegestaan is) in verhouding tot die totale krediet wat deur banke en ander monetêre instellings aan die binnelandse private sektor verleen is. Gedurende die sewentigerjare het verbruikerskuld 'n gemiddelde van ongeveer 22 persent van die totale krediet wat deur banke en ander monetêre instellings aan die private sektor toegestaan is, bedra. Vanweë die uitbreiding van die banke se uitleenbedrywigheude aan huishoudings, het verbruikerskrediet in die tagtigerjare teen 'n heelwat vinniger koers uitgebrei as die totale banklenings aan die private sektor. Uitstaande verbruikerskrediet as 'n persentasie van die totale krediet wat deur banke en ander monetêre instellings aan die private sektor verleen is, het dienooreenkomsdig in 1984 tot 33 persent gestyg. Die resessie van 1984-1986 het huishoudings aangemoedig om hulle skulde te vereffen ten einde die skulvlakte te konsolideer. Dit het geleid tot 'n afname in die verhouding van verbruikerskuld tot die totale krediet wat deur alle monetêre instellings aan die private sektor toegestaan is. Die gemiddelde verhouding van ongeveer 25 persent in die jare 1985-1992 was egter steeds heelwat hoër as die gemiddelde verhouding wat in die sewentigerjare aangeteken is.

Banke en ander monetêre instellings het dit ook voordelig gevind om 'n toenemende deel van hul uitleenportefeuille aan private huishoudings toe te ken (kyk grafiek 1). In die sewentigerjare het verbruikerskrediet wat deur banke en ander monetêre instellings toegestaan is, ongeveer 11½ persent van die totale kredietverlening aan die private sektor deur hierdie instellings bedra. Hierdie verhouding het daarna tussen 1980 en 1984 baie vinnig gestyg en in 1984 'n vlak van bykans 27 persent bereik, maar gedurende die resessie van 1984-1986 het hierdie skerp styging tot 'n einde gekom. In verhouding

Grafiek 1. Verbruikerskrediet toegestaan deur bankie as persentasie van totale privatesektor-krediet



tot hulle totale kredietverlening het verbruikerskrediet wat deur bankie en ander monetêre instellings toegestaan is egter steeds ongeveer 20 persent beloop. Indien verbandlenings aan huishoudings by die totale verbruikerskrediet gevoeg word, is bykans 53 persent van alle krediet wat deur die bankie en ander monetêre instellings aan die binnelandse private sektor toegestaan is, aan private huishoudings toegewys.


Samestelling van verbruikerskrediet

Grafiek 2 toon die veranderings in die samestelling van die uitstaande verbruikerskrediet sedert 1969 aan. Dit is in hierdie grafiek duidelik dat die relatiewe aandeel in totale verbruikerskrediet van krediet wat deur middel van ope-rekeninge toegestaan is, in die tydperk 1969 tot 1992 skerp gedaal het. Vanaf die vierde kwartaal van 1969 het die relatiewe aandeel van ope-rekeninge in die totale verbruikerskrediet van 22 persent tot minder as 10 persent in 1992 gedaal. Sedert die middel-tagtigerjare het die aggressiewe bemarking van ope-rekeninge en die geredelike beskikbaarheid van hierdie finansiering aan 'n breër spektrum van verbruikers egter bygedra om die aandeel van saldo's op ope-rekeninge in die totale verbruikerskrediet te stabiliseer.

In teenstelling met die kwynnende relatiewe aandeel van ope-rekeninge in die totale verbruikerskrediet, het afbetelingsverkoop- en bruikhuurtransaksies al belangriker geword. Ongeveer 31 persent van alle verbruikerskrediet wat in 1969 aan huishoudings toegestaan is, was in die vorm van afbetelingsverkoop- en bruikhuurtransaksies. Hierdie verhouding het in 1992 tot ongeveer 40 persent gestyg.

Tot 1982 het krediet wat in die vorm van persoonlike lenings aan huishoudings toegestaan is, heelwat stadiger toegeneem as die totale uitstaande verbruikers-

Grafiek 2. Die samestelling van verbruikerskrediet





krediet. Gevolglik het die relatiewe belangrikheid van persoonlike lenings van 46 persent in 1969 tot 33 persent in 1981 afgeneem. Sedert 1982 het persoonlike lenings egter vinnerig as die totale verbruikerskrediet toegeneem. In 1990 het persoonlike lenings weer eens ongeveer 54 persent van die totale verbruikerskrediet uitgemaak, voordat dit in die volgende twee jaar ietwat afgeneem het.

Langtermynneiging in die totale verbruikerskrediet

Die totale uitstaande verbruikerskrediet het van R1,1 miljard aan die einde van die eerste kwartaal van 1969 tot R52,7 miljard aan die einde van die eerste kwartaal van 1993 toegeneem, wat die gemiddelde jaarlikse koers van toename in hierdie totaal op 17% persent te staan bring het. Die groei in verbruikerskrediet het gedurende hierdie tydperk egter aansienlik gewissel en drie afsonderlike subtydperke kan onderskei word, naamlik van 1969 tot 1979, van 1980 tot 1984 en van 1985 tot 1993.

Die totale uitstaande verbruikerskrediet het van 1969 tot 1979 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 14% persent gestyg. Die koers van toename in verbruikerskrediet het daarna merkbaar versnel en 'n gemiddelde groeikoers van 30% persent per jaar is gedurende die tydperk 1980 tot 1984 aangeteken. Teen die middel-tagtigerjare het die groeikoers weer verlangsaaam (kyk grafiek 3), wat tot 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 13% persent in 1985 tot 1992 gelei het – heelwat laer as die groeikoers in die eerste helfte van die tagtigerjare en slegs matig laer as die gemiddelde inflasiekoers.

Grafiek 3. Verbruikerskrediet**Grafiek 4. Verbruikerskrediet en persoonlike besparing as persentasie van persoonlike beskikbare inkomme**

Verbruikerskrediet en persoonlike beskikbare inkomme

In die tydperk 1969 tot 1979 het die totale uitstaande verbruikerskuld toegeneem teen 'n koers wat min of meer met die koers van toename in die beskikbare inkomme van huishoudings ooreengestem het. Gevolglik het die verhouding van uitstaande verbruikerskuld tot beskikbare inkomme van huishoudings feitlik onveranderd gebly en slegs effens rondom 'n gemiddelde koers van nagenoeg 16 persent gewissel (kyk grafiek 4).

Die toename in die beskikbare inkomme van huishoudings het van 1980 tot 1984 nie so skerp gestyg as die uitstaande verbruikerskrediet nie. Die verhouding van verbruikerskrediet tot beskikbare inkomme van huishoudings het derhalwe in 1984 tot 'n gemiddelde van 28 persent toegeneem.

As gevolg van die merkbare verlangsming in die verbruikerskrediet toegestaan in 1985 en 1986 vanweë die streng monetêre beleidsmaatreëls, het die verhouding van verbruikerskuld tot persoonlike beskikbare inkomme skerp teruggesak tot 20 persent in 1987. Die gebruik van krediet het daarna skerp toegeneem en in 1991 het die kredietverhouding weer eens die hoëvlakte van die middel-tigtigerjare bereik. In 1991 was die gemiddelde kredietverhouding van 27 persent slegs ietwat laer as die vorige hoogtepunt van 28 persent.

'n Internasionale vergelyking dui daarop dat afbelningskrediet van verbruikers in die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk aan die einde van 1992 18 persent en 12 persent van die beskikbare inkomme van huishoudings bedra het, teenoor slegs 9 persent in Suid-Afrika. Hoewel hierdie verhoudings dus

heelwat hoër is as in Suid-Afrika, maak afbelningskrediet in werklikheid slegs 'n vergelykenderwys klein deel van alle verbruikerskrediet in hierdie lande uit. Die samestelling van die kredietvraag in die VSA het byvoorbeeld oor die afgelope paar jaar verander namate huishoudings baat gevind het by die voordele van ander lenings waarvan die koste betreklik laag is. Verbandlenings het veral die ander soorte krediet vervang en die verhouding van verbandskuld tot beskikbare inkomme het in die VSA van 49 persent in 1985 tot 63 persent in 1990 gestyg. In die derde kwartaal van 1992 het verbruikerskrediet 30 persent en verbandskuld 70 persent van die totale skuld van huishoudings in die VSA uitgemaak², terwyl verbruikerskrediet in Suid-Afrika 43 persent en verbandskuld 57 persent van die totale skuld van huishoudings bedra het.

Verbruikerskrediet en persoonlike besparing

Persoonlike besparing word omskryf as die bedrag waarmee die lopende inkomme van huishoudings hul lopende uitgawes oorskry. Ontsparing kom voor wanneer die lopende uitgawes die lopende inkomme oorskry. Ingevolge standaard rekenkundige praktyke sal die besparing van 'n huishouing of van enige ander organisasie gelyk wees aan die toename in die netto

² Kyk Eugeni, F.: "Consumer debt and home equity borrowing", *Economic Perspectives*, Federal Reserve Bank of Chicago, Maart/April 1993; Canner, G.B. en Luckett, C.A.: "Payment of Household Debt," *Federal Reserve Bulletin*, Board of Governors of the Federal Reserve System, Washington D.C., April 1991.

Netto besparing as persentasie van beskikbare inkomme van huishoudings

	1980	1985	1991
Frankryk	17,6	14,0	12,6
Italië	21,6	18,0	15,6
Japan	17,9	15,6	14,6
Suid-Afrika	10,9	6,3	1,6
Verenigde Koninkryk	13,3	10,6	9,8
Verenigde State van Amerika	8,1	6,6	4,9

batewaarde van die huishouing of organisasie. Toenames in die kredietverpligtige van huishoudings sal dus 'n afname in die besparing van huishoudings veroorsaak, tensy dit deur soortgelyke of sterker toenames in die bates van huishoudings teegewerp word. Oor die algemeen kan 'n omgekeerde verhouding tussen toenames in die benutting van verbruikerskrediet en die besparing van private huishoudings met verloop van tyd verwag word.


Die omgekeerde verwantskap tussen die verhouding van uitstaande verbruikerskrediet tot persoonlike beskikbare inkomme en die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkomme word in grafiek 4 aangetoon. Die agteruitgang in die besparingsverhouding van huishoudings aan die begin van die tagtigerjare het saamgeval met die verhoogde gebruik van krediet deur private huishoudings. Die laer vlak in die besparingsverhouding gedurende die tagtiger- en vroeër negentigerjare word ook in die hoër vlak van die verhouding van verbruikerskrediet tot beskikbare inkomme van huishoudings weerspieël.

Hierdie verhouding is gedurende die tagtigerjare ook in ander lande waargeneem. Boonop het die skerp stygging in die pryse van bates, soos byvoorbeeld vaste eiendom en aandele, in etlike lande tot 'n toename in die rykdom van huishoudings aanleiding gegee en ook hul vermoë om teleen verhoog. Huishoudings het dus van krediet gebruik gemaak om verbruiksbesteding te finansier en die besparingsverhouding het tot laer vlakte gedaal (kyk bygaande tabel 1).³


Verbruikerskrediet en besteding aan duursame verbruikersgoedere

Verskeie kredietinstrumente wat deur huishoudings gebruik word, is heel geskik om die aankoop van goedere te finansier waarvan die prys betreklik hoog is in vergelyking met die verbruiker se inkomste en waarvan

Grafiek 5. Verbruikerskrediet en private verbruiksbesteding



Afwyking vanaf langtermyn-neigingslyn




die verwagte ekonomiese leeftyd taamlik lank is. Dit kan dus verwag word dat veranderings in die besteding van huishoudings aan duursame verbruikersgoedere 'n uitwerking op veranderings in uitstaande verbruikerskrediet sal hé.

Die verhouding tussen die besteding van huishoudings aan duursame verbruikersgoedere en uitstaande verbruikerskrediet word in grafiek 5 voorgestel. Uit hierdie grafiek wil dit voorkom asof sterke toenames in die aankope van duursame verbruikersgoedere normaalweg gepaard gaan met sterke toenames in verbruikerskrediet. Die afwykings van die langtermynneiging in die reële verbruiksbesteding aan duursame verbruikersgoedere word saam met die afwykings van die langtermynneiging in die reële verbruikerskrediet (dit wil sê verbruikerskrediet wat met die deflator vir private verbruiksbesteding

³ OECD Economic Outlook, Organisation for Economic Co-operation and Development, Desember 1992; Kopcke, R.W., Munnell, A.H. en Cook, L.M.: "The influence of housing and durables on personal saving", *New England Review*, Federal Reserve Bank of Boston, November/Desember 1991.

Grafiek 6. Verbruikerskrediet



gedefleer is) in die onderste deel van grafiek 5 aangetoon. Dit dui daarop dat die konjunkturele veranderings in die uitstaande verbruikerskrediet oor die algemeen met die konjunkturele veranderings in die private verbruiksbesteding aan duursame goedere ooreengestem het, maar met 'n sekere tydsloering.

Verbruikerskrediet en verbruikerspryse

Gedurende die tydperk 1969 tot 1979 was die gemiddelde jaarlikse groei in die verbruikerskrediet aansienlik vinniger as die stygging in verbruikerspryse en

het die uitstaande reële verbruikerskrediet teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 5½ persent gestyg. Die beëindiging van die regstreekse beheerstelsel oor die uitleenbedrywigheede van die banke aan die einde van 1980 en die verwagting in die gemeenskap dat algemene prysstygtings in Suid-Afrika hoog sou bly, het die uitbreiding van verbruikerskrediet tussen 1980 en 1984 opmerklik laat versnel. Aangesien die pryse van duursame goedere ook skerp gestyg het in verhouding tot die pryse van ander verbruikersgoedere en dienste, het die uitstaande reële verbruikerskrediet gedurende hierdie tydperk met nie minder nie as 13½ persent per jaar toegeneem. Met die onsekere politieke toestande wat in die land in 1985 en 1986 bestaan het en die hoë koste van geleende fondse, het huishoudings verkies om hul skuldposisies te konsolideer. Die verlangsaming in die groei in die vraag na krediet deur huishoudings terwyl pryse teen 'n hoë koers bly styg het, het die uitstaande reële verbruikerskrediet egter in 1985 met 12 persent en in 1986 met 20% persent laat krimp. Van 1987 tot 1990 het verbruikerskrediet in nominale terme egter weer vinniger gestyg as die pryse van verbruikersgoedere. Die hoogtepunt in reële verbruikerskrediet in die vierde kwartaal van 1990 was nietemin op ongeveer dieselfdevlak as wat vroeër in die derde kwartaal van 1984 bereik is. Die uitstaande reële verbruikerskrediet het sedert 1991 weer ietwat teruggesak.

Verbruikerskrediet en die konjunktuur

Sedert 1969 het die uitstaande verbruikerskrediet 'n sterk opwaartse neiging getoon, maar op kort termyn was daar duidelike en taamlik gereelde afwykings van die langertermyn groeikoers. Vier konjunkturele bewegings kan gedurende hierdie tydperk in verbruikerskrediet waargeneem word, wat in 'n groot mate ooreengestem het met die algemene gang van die konjunktursiklus en veral met die konjunkturele bewegings in die private verbruiksbesteding aan duursame goedere. Die

Draapunte in verbruikerskrediet en die konjunktursiklus

Verwysingsdraapunte:	Piek	4e kw 1970		3e kw 1974		3e kw 1981		2e kw 1984		1e kw 1989
		Trog	3e kw 1972	4e kw 1977	1e kw 1983	1e kw 1986				
Afwyking van spesifieke draapunt – aantal kwartale (lei -, sloer +)										
Ope-rekenings		+2	+5	+6	+3	+5	+5	+6	-1	
Persoonlike lenings		+1	-2	+8	-	-	+1	+4	+6	
Afbetalingsverkoop- en bruikhuurtransaksies		-1	-3	+1	-	+2	+2	+10	+7	
Totale verbruikerskrediet.....		0	-1	-3	0	-	-	+1	+4	+7

bygaande tabel toon die boonste en onderste draapunte van die konjunktuursiklus in die uitstaande verbruikerskrediet, tesame met die geïdentifiseerde draapunte van die konjunktuur aan.

In die sewentigerjare het die draapunte in die verbruikerskredietsiklus dié in die algemene konjunktuur effens voorafgegaan of min of meer daarmee saamgeval. Die toename in verbruikerskrediet in die vroeë tagtigerjare het egter soveel stukrag gehad dat die agteruitgang in die algemene ekonomiese bedrywigheid in die periode 1981 tot 1983 nie sy groei kon beïnvloed nie. Sedert die boonste draapunt in die konjunktuursiklus in die tweede kwartaal van 1984, het die draapunte in die konjunkturele bewegings van die uitstaande verbruikerskrediet egter later voorgekom as die draapunte van die konjunktuur. Die vertraging in verbruikerskrediet teenoor die draapunte in die algemene konjunktuur kan waarskynlik toegeskryf word aan die waargenome vertraging tussen die konjunkturele veranderinge in duursame verbruiksbesteding en verbruikerskrediet (kyk grafiek 5), en die feit dat verbruikers gepoog het om hul gevëstigde bestellingspatroon te handhaaf ten spyte van die verandering in hul inkomsteposisie – hul onbereidwilligheid om verbruik volgens veranderde omstandighede aan te pas het weerklank gevind in hul verhoogde gebruik van verbruikerskredietfasilitate. Boonop was daar 'n mate van panieklenings aangesien rentekoste deur huishoudings gekapitaliseer is ná die betreklik hoë reële rentekoerse gedurende die konjunkturele bloeitydperk en aan die begin van die resessiefases in 1984/85 en 1989/90.

Faktore wat bydra tot veranderings in die gebruik van verbruikerskrediet

Huishoudings maak gebruik van verbruikerskrediet om afwykings tussen hul inkomstevloeи en hul vraag na verbruikersgoedere te oorbrug. Hierdie krediet help hulle om die betalingslas te verleng wat voortvloeи uit die aankoop van duur verbruiksgoedere wat hulle nog vir etlike jare gaan gebruik. Die gebruik van verbruikerskrediet word dus hoofsaaklik bepaal deur veranderings in die besteding aan verbruikersgoedere deur private huishoudings. Private verbruiksbesteding word op sy beurt weer sterk beïnvloed deur die lopende en verwagte beskikbare inkomste van huishoudings, die batebesit van huishoudings en veranderings in die markwaarde van hulle bates, die koste van krediet, die ouderdomsverspreiding van verbruikers en regulatoriese maatreëls en ander toestande wat die beskikbaarheid van krediet beïnvloed.

Persoonlike beskikbare inkomste

In ideale omstandighede waar verbruikers die toekoms heeltemal noukeurig kan voorspel, sal hulle hul besteding so beplan dat hulle met verloop van tyd 'n bestendige

bestedingsvloeи kan handhaaf.⁴ In sulke omstandighede kan verwag word dat wanneer die reële beskikbare inkomste vinnig styg, besparing en die oppot van bates versterk sal word, skuld afbetaal sal word en minder verbruikerskrediet op kort termyn gebruik sal word. Wanneer die reële inkomste stadiger toeneem of selfs daal, sal huishoudings op hul beurt op kort termyn gebruik maak van hulle spaargeld en van meer verbruikerskrediet ten einde verbruiksbesteding op die verlangde vlak te handhaaf. Oor die langer termyn behoort verhoudings soos die gemiddelde verbruiksgeneigdheid, die besparingsverhouding en die verhouding van uitstaande verbruikerskrediet tot beskikbare inkomste onder hierdie omstandighede taamlik konstant te bly, behalwe in gevalle waar buitengewone gebeure die normale verloop van sake ontwrig. Daar kan dus verwag word dat onder omstandighede waar die toekomstige veranderings in beskikbare inkomste met 'n groot mate van noukeurigheid voorspel kan word, verbruikerskrediet oor die langer termyn teen min of meer dieselfde koers as die beskikbare inkomste van huishoudings sal verander, met enkele afwykings op korttermyn.

Soos reeds aangedui, was die veranderings in uitstaande verbruikerskrediet en die veranderings in beskikbare inkomste in die tydperk 1969 tot 1979 feitlik dieselfde, wat die indruk skep dat verbruikers in daardie tydperk betreklik seker was van die verwagte langtermyngroei in hul beskikbare inkomste. Tussen 1969 en 1979 het sowel die beskikbare inkomste van huishoudings as die uitstaande verbruikerskrediet teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van 14½ persent gegroeи. Geen sistematisiese verandering in die verhouding van uitstaande verbruikerskrediet tot die inkomste van huishoudings het dus gedurende hierdie tydperk voorgekom nie. Die korttermynafwykings van die langertermynneiging in die verhouding het in 'n groot mate met die gewone gang van die konjunktuur saamgeval. Persoonlike besparing deur huishoudings gedurende hierdie tydperk het ook rondom 'n vlak van 8 persent van die lopende beskikbare inkomste van huishoudings gewissel.


In die jare ná 1980 het ander faktore buiten die inkomste en verwagte inkomste van huishoudings betreklik belangrik geword en 'n sterk invloed op die gebruik van verbruikerskrediet begin uitoeft. Die verhouding van verbruikerskrediet tot die beskikbare inkomste van huishoudings was dus deurlopend hoër as gedurende die sewentigerjare.

Batebesit van huishoudings

In die gevorderde fase van die konjunkturele opwaartse beweging van 1979/1980 het die Suid-Afrikaanse

⁴ Dit beteken nie dat die gemiddelde verbruiksgeneigdheid van alle persone oor verloop van tyd dieselfde sal wees nie. Die waarde van die gemiddelde verbruiksgeneigdheid vir elke individuele huishouding sal veral afhanglik wees van die ouderdom en samestelling van die verbruikerseenheid, die verhouding van rykdom tot beskikbare inkomste, die fluktuaies rondom gemiddelde inkomste, en die rentekoers en ander verwante faktore.

Grafiek 7. Aandelepryse en die verhouding van gemiddelde huispryse tot gemiddelde vergoeding van Blanke-werkers




ekonomiese 'n buitengewoon voorspoedige tydperk beleef. Hierdie jare is gekenmerk deur 'n hoë vlak van die binnelandse ekonomiese bedrywigheid, aansienlike stygings in die prys van goud en grondstowwe wat internasionaal verhandel word, asook 'n bloeiende buitelandse handel. Onder hierdie omstandighede het algemene optimisme geheers. Die skerp toename in die waarde van bates vanweë die potensieel hoër opbrengs op beleggings het verder bygedra tot die psigose dat rykdom in waarde sou bly toeneem.

In die eerste paar jaar van die tagtigerjare het die stygging in sowel die prys van huise as die prys van genoteerde aandele (kyk grafiek 7) heelwat bygedra tot die gewaarwording van toenemende voorspoed van huishoudings. Dit het in alle waarskynlikheid meegehelp tot die verhoogde gebruik van verbruikerskrediet, ondanks die swakker groei in hulle beskikbare inkomte.


Ná die tydperk van skuldkonsolidasie gedurende die onsekere politieke toestande van 1985 tot 1986, was dit veral die welvaartseffek deur die bestendige stygging in die prys van genoteerde aandele wat bevorderlik was vir die versterking van verbruikersvertroue en die toenemende gebruik van verbruikerskrediet in die tweede helfte van die tagtigerjare.

Dit is ook betekenisvol dat die skerp toenames in die gebruik van verbruikerskrediet aan die begin van die tagtigerjare en later in 1987 voorafgegaan is deur betreklike skerp toenames in die gemiddelde ouerdom van bates, byvoorbeeld meubels, vervoertoerusting en ander duursame goedere van huishoudings (kyk

Grafiek 8. Verbruikerskrediet, private verbruiksbesteding en gemiddelde ouerdom van duursame verbruiksgoedere



Gemiddelde ouerdom van duursame verbruiksgoedere




grafiek 8). Die noodsaaklikheid om verouderende huishoudelike bates te vervang, kon derhalwe ook tot die verhoogde gebruik van verbruikerskrediet deur huishoudings bygedra het.

Die koste van krediet

Die veranderings in die koste van krediet is 'n belangrike faktor wat die huishouding se vraag na krediet kan beïnvloed. Hoewel nominale rentekoerse dikwels as aanwyser van die koste van krediet gebruik word, is die reële koste van krediet in die laaste instansie 'n belangriker faktor. Hoë nominale rentekoerse sal verbruikers nie noodwendig aanmoedig om hul vraag na verbruikerskrediet in te perk nie. Indien verbruikers verwag dat toekomstige prysstygings teen 'n vinniger

Grafiek 9. Konjunkturele verloop van reële verbruikerskrediet en reële koste van financiering



koers sal plaasvind as die huidigevlak van die nominale uitleenkoerse, sal dit hulle steeds baat om van krediet gebruik te maak en hulle skuld oor 'n tydperk in die toekoms af te betaal. Slegs wanneer verbruikers oortuig is dat die huidigevlak van rentekoerse hoër is as die verwagte styging in pryse, sal hulle dit tot hul voordeel beskou om verbruik uit te stel en voorkeur te gee aan rentedraende beleggings.

In die sewentigerjare het die betreklik lae koste van krediet in Suid-Afrika gedurende die konjunkturele opwaartse fases in 1973/74 en 1979/81 aanleiding gegee tot 'n verhoogde vraag na verbruikerskrediet. Grafiek 9 dui egter daarop dat stygings in die reële koste van krediet sedert 1981 nie 'n beperkende invloed op die gebruik van verbruikerskrediet gehad het nie. Die afnames in die reële koste van krediet in sekere jare het eweneens nie tot gepaardgaande versnellings in verbruikerskrediet aanleiding gegee nie. Die grafiek dui trouens aan dat die toenames in die reële rentekoerse met die verhoogde gebruik van verbruikerskrediet gepaard gegaan het en dat afnames in die reële rentekoers verband gehou het met die afnemende gebruik van verbruikerskrediet.

Hierdie aweregse verwantskap moet egter nie beskou word as 'n aanduiding van die ondoeltreffendheid van die rentekoersmeganisme om krediet te reguleer nie. Eerstens is die reële rentekoers bereken deur gebruik te maak van die waargenome inflasiekoers, wat nie noodwendig die inflasieverwagtings weerspieël nie. Bowendien kan verwag word dat betreklike lang vertragings voorkom tussen die verandering in die uitleenkoers en die verandering in die gebruik van verbru-

kerskrediet. Dit is derhalwe moontlik om die uitwerking van 'n omgekeerde verwantskap in grafiek 9 te bewerkstellig bloot deur 'n tydsverskuiwing in die lynvoorstelling van die konjunkturele gang van verbruikerskrediet aan te bring. Verder word veranderings in die vlak van die rentekoers op private krediettransaksies sterk beïnvloed deur die amptelike uitleenkoerse van die monetêre owerheid. Indien die monetêre owerheid reageer deur hul verdiskonterings- en uitleenkoerse te verhoog wanneer die totale vraag na krediet uitbrei, of wanneer hulle die amptelike koerse tydens 'n verlangsaming in die vraag na krediet verlaag, sal die verhouding tussen die vraag na krediet en die veranderings in die koste van krediet positief wees. Dit impliseer egter nie dat die vraag na krediet abnormal reageer op aanpassings aan die huidigevlak van rentekoerse nie. Ondanks die oënskynlik positiewe verwantskap, kan aanvaar word dat die betreklik hoë reële rentekoerse saam met die beïnvloeding van ander faktore gedurende die afgelopen vier jaar 'n beperkende invloed op die vraag na verbruikerskrediet uitgeoefen het. Dit is 'n klinkklare bewys dat monetêre beleid eerder binne 'n langertermynraamwerk gevvolg moet word as om strategiese ekonomiese totale op kort termyn te beïnvloed.

Ouderdomsverspreiding van die bevolking

Die mate waarin verbruikers van verbruikerskrediet gebruik maak, word ook deur die ouerdom van die verbruiker beïnvloed. Jonger verbruikers wat aan die begin van hul loopbane staan, het 'n hoë voorkeur vir verbruiksbesteding. Namate hul loopbane vorder, word besparing en voorsiening vir aftrede al belangriker.

Opgehopte fondse, of ontsparing, word gedurende hul afrede vir lewensoronderhoud gebruik.

Gemeenskappe waar 'n groot deel van die bevolking in die jonger ouderdomsgroepe val, sal waarskynlik 'n hoë verhouding van verbruikerskrediet tot beskikbare inkomme hê. Hierdie verhouding sal normaalweg selfs hoér wees in 'n gemeenskap met 'n vinnige koers van bevolkingsaanwas, wat sal veroorsaak dat die aandeel van die jonger ouderdomsgroepe in die totale bevolking geleidelik sal toeneem.

In Suid-Afrika het die deel van die bevolking in die ouderdomsgroep 25 tot 44 jaar van 25% persent in 1970 tot 28% persent in 1991 gestyg. Die toename in die aandeel van die jonger verbruikers in die totale bevolking, met hulle hoér voorkeur vir verbruikerskrediet, kon tot die langertermyn toename in die skuldverhouding van private huishoudings bygedra het. Dit impliseer dat die agteruitgang in die persoonlike besparingskoers oor die langer termyn ook tot die geleidelike toename in die aandeel van die jonger ouderdomsgroepe in die bevolking toegeskryf kan word.

Regstreekse beheer oor kredietverlening

Die beskikbaarheid van krediet aan private huishoudings is in die sewentigerjare sterk beïnvloed deur die stelsel van selektiewe regstreekse beheer oor die uitleenbedrywigheide van geregistreerde banke en ander finansiële tussengangers. Hierdie stelsel het bekendgestaan as bankkredietplafonne en was van 1967 tot 1972 en van 1976 tot 1980 in Suid-Afrika van krag. Dit het ongetwyfeld 'n regstreekse invloed op die groei in uitstaande krediet gehad.

Die vinnige uitbreiding in uitstaande verbruikerskrediet gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare is vergemaklik deur die opheffing van regstreekse beheer oor kredietverlening in Augustus 1980 en die aanvaarding van 'n meer markgerigte stelsel van monetêre beeldsformulering sedert 1981.

Beheer oor depositokoerse

Nog 'n vorm van regstreekse beheer wat 'n invloed op die uitbreiding van verbruikerskrediet kon gehad het, was die toepassing van depositokoersbeheer tussen 1965 en 1980. Hierdie stelsel het aanleiding gegee tot die kanalisering van fondse na aantrekliker beleggings buite die bankstelsel, het besparing ontmoedig en die kleiner spaarders benadeel aangesien hulle nie geredelike toegang tot beleggingsgeleenthede buite die bankstelsel gehad het nie. Die onvoldoende opbrengs op besparing gedurende die sewentigerjare, wat die regstreekse gevolg van depositokoersbeheer was, kon bygedra het tot 'n hoë vlak van verbruiksbesteding as wat die geval andersins sou wees, en dus ook tot die verhoogde gebruik van verbruikerskrediet.

Beheer oor uitleenkoerse


Met die uitsondering van depositokoerse, was die rentekoerse wat met verloop van tyd op verskeie soorte

lenings en krediet van toepassing was, onderhewig aan amptelike boonste perke, het op statutêrevlak of op 'n informele basis. Beheer oor uitleenkoerse was gemik op die banke se primakoers op oortrokke rekeninge, die statutêre maksimum koerse vir lenings- en krediettransaksies vir sekere voorgeskrewe bedrae (wat ingevolge die Wet op Die Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste van 1968 ingestel is – die sogenaamde Ladofca-koerse en tans die Woekerwet), en die verbandkoers van die bouverenigings.

Hierdie statutêre koerse het heelwat probleme vir verbruikers meegebring vanweë die lang vertragings in die aanpassing van hierdie koerse nadat verandering in markkoerse aangebring is. Banke was dus geneig om lenings tot slegs prima kliënte te beperk. Hierdie kliënte het fondse geleent teen laer koerse as die boonste perk wat van toepassing was, en diegene wat 'n lae inkomste verdien het en vir wie die koerse toepaslik hoér was, het dit moeilik gevind om financiering vir verbruiksbesteding te bekomen. As gevolg van hierdie probleme is die maksimum statutêre koerse sedert 1983 aan die banke se primakoerse gekoppel.

In die sestiger- en sewentigerjare was daar 'n amptelike reël in die bepaling van die banke se primakoers op oortrekings gehandhaaf waarvolgens dit op 'n voorafbepaalde marge bo Bankkoers vasgestel is. Hoewel hierdie reël in Februarie 1982 afgeskaf is, het die banke hierdie gebruik voortgesit. Die algemene deregulering van die finansiële sektor in die tagtigerjare het egter baie van die beperkings op die uitleenbedrywig-

Grafiek 10. Verkope van nuwe motors en afbetalingverkoopooreenkoms



hede van die banke uit die weg geruim. Hoewel die uitwerking van hierdie ontwikkelings nie gekwantifiseer kan word nie, het hulle sonder twyfel in die eerste helfte van die tagtigerjare aanleiding gegee tot die vinnige toename in uitstaande verbruikerskrediet.

Regulering kragtens die Wet op Kredietooreenkomste
Kragtens die Wet op Kredietooreenkomste van 1980, skryf die Minister van Finansies en van Handel en Nywerheid die maksimum tydperk voor waartydens die volle aankoopprys in 'n kredietooreenkoms betaal moet word. Die deel van die kontantprys wat as deposito verlang word en die soort goedere wat deur middel van kredietooreenkomste gefinansier kan word, word ook deur die Minister voorgeskryf. Die doel met die Wet is om verbruikers teen 'n te groot skuldas te beskerm en om kreditaankope in die algemeen te reguleer.

Hierdie maatreëls het 'n belangrike invloed op die verbruiker se aankope van duursame goedere. Soos uit grafiek 10 blyk, word die aankoop van nuwe motors byvoorbeeld aangemoedig of ontmoedig, afhangend van die omvang van beperkings op die voorwaardes van afbetalingsverkooptransaksies. In teenstelling hiermee, word die doeltreffendheid van die markgerigte monetêre beleidsmaatreëls dikwels bevraagteken aangesien verbruikers in baie gevalle oënskynlik minder sensitief is vir toenames in die rentekoers of aanpassings in finansieringskoste. Hulle besluite om op krediet te koop word hoofsaaklik deur die bekostigbaarheid van die gereelde paaiement bepaal.

Vanweë die voorskriftelike aard van hierdie regstreekse behearmaatreëls, is die verkoop van sekere duursame verbruikersgoedere, byvoorbeeld motorvoertuie, dikwels nadelig beïnvloed wanneer die voorwaardes vir afbetalingsverkope verskerp is.

Opsomming en gevolgtrekking

Die ramings van uitstaande verbruikerskrediet wat in hierdie oorsig bekendgestel is, dui op 'n sterk toename in die verhouding van skuld tot inkomne van private huishoudings gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare. Nadat dit in die sewentigerjare slegs effens om 'n gemiddelde koers van ongeveer 16 persent gewissel het, het die verhouding van verbruikerskrediet tot persoonlike beskikbare inkomne tot 'n gemiddelde van 28 persent in 1984 toegeneem. Krediet wat deur banke verleen is, het veral in die eerste helfte van die tagtigerjare baie vinnig gestyg. Krediet wat deur banke aan private huishoudings toegestaan is, het as persentasie van totale uitstaande verbruikerskrediet van $11\frac{1}{2}$ persent in die sewentigerjare tot 27 persent in die tagtigerjare toegeneem. Sedert die middel-tagtigerjare het die meer aggressiewe bemarking en die geredeliker beskikbaarheid van ope-rekeningfinansiering aan 'n heelwat breër verskeidenheid van verbruikers egter 'n verdere

afname in die aandeel van ope-rekeningsaldo's in die totale uitstaande verbruikerskrediet verhoed en die relatiewe aandeel van bankkredietverlening bestendig. In die laaste helfte van die tagtigerjare het die verhouding van verbruikerskrediet tot persoonlike beskikbare inkomne aanvanklik skerp teruggesak tot 'n gemiddelde van 20 persent in 1987, voordat dit weer tot die hoë vlak van 27 persent in 1991 gestyg het.

Dit wil voorkom asof die verhoogde belangrikheid van bankkredietverlening aan huishoudings in die eerste helfte van die tagtigerjare daarop dui dat die toenemende huishoudelike skuldas deels deur finansiële deregulering en die liberalisering van finansiële markte gedurende daardie tydperk veroorsaak is. Inflasie en die stygende waarde van huishoudelike bates het tot hierdie toename in die skuldas van huishoudings bygedra. Die toenemende skuldas is aanvanklik nie as 'n probleem beskou nie aangesien 'n afname in die pryse van huishoudelike bates as hoogs onwaarskynlik in 'n inflasionele omgewing beskou is. Gedurende die huidige resessie het die groei in persoonlike beskikbare inkomne egter verlangsaam en sedert die tweede kwartaal van 1992 selfs negatief geword. Bowendien het konserwatiewe finansiële beleidsmaatreëls wat daarop gemik was om inflasie af te bring, afwaartse druk op die waardes van huishoudelike bates in die algemeen bly uitoefen. Bestaande skulvlakke kon dus nie gehandhaaf word nie. Lenings van huishoudings het derhalwe in 1992 verlangsaam en die verhouding van besparing tot beskikbare inkomne het matig gestyg.

Hoewel die geraamde uitstaande verbruikerskrediet totale nie die totale skuld van huishoudings verteenwoordig nie, verskaf dit waardevolle inligting wat gebruik kan word om die invloed van veranderings aan die monetêre beleid op totale verbruiksbesteding te bepaal. Indien die ramings van skuld van huishoudings uitgebrei kan word om ook verbandskuld en die uitstaande skuldverpligtinge van private nie-geinkorporeerde sakeondernemings in te sluit, tesame met ramings van die totale waarde van rentedraende bates in die besit van huishoudings, sal dit 'n volledige raamwerk verskaf vir 'n noukeuriger ontleding van die moontlike verwantskappe tussen veranderings aan monetêre beleid en die besparings- en bestedingsbesluite van private huishoudings.

Bylaag

Tabel 1: Totale verbruikerskrediet

R miljoene

Tydperk	Teen heersende pryse	Teen konstante 1985-pryse	Tydperk	Teen heersende pryse	Teen konstante 1985-pryse	Tydperk	Teen heersende pryse	Teen konstante 1985-pryse
1969:01	1 145	5 973	1977:01	3 235	9 567	1985:01	19 403	21 107
02	1 176	6 122	02	3 118	8 864	02	19 349	19 567
03	1 164	6 100	03	3 219	9 033	03	19 746	19 338
04	1 204	6 698	04	3 120	8 804	04	19 743	18 333
1970:01	1 282	6 380	1978:01	3 444	9 318	1986:01	19 742	17 199
02	1 320	6 600	02	3 680	10 033	02	19 602	16 170
03	1 366	6 907	03	3 793	9 678	03	19 059	14 481
04	1 363	7 105	04	3 880	9 832	04	19 804	14 447
1971:01	1 368	6 760	1979:01	4 054	10 114	1987:01	17 596	12 126
02	1 393	6 632	02	4 194	10 393	02	19 164	13 103
03	1 421	6 629	03	4 406	10 464	03	20 255	13 170
04	1 464	6 908	04	4 718	11 024	04	21 347	13 382
1972:01	1 495	6 745	1980:01	4 987	10 612	1988:01	22 337	14 257
02	1 520	6 825	02	5 335	11 183	02	23 906	14 477
03	1 584	7 050	03	5 879	11 969	03	25 159	14 792
04	1 651	7 076	04	6 397	12 610	04	27 031	14 654
1973:01	1 744	7 518	1981:01	6 930	13 013	1989:01	29 641	16 334
02	1 897	7 962	02	7 445	13 369	02	30 537	16 169
03	2 009	8 252	03	7 896	13 919	03	31 429	15 926
04	2 137	8 704	04	8 650	14 556	04	34 253	16 673
1974:01	2 212	8 687	1982:01	9 045	15 020	1990:01	36 850	17 813
02	2 305	8 745	02	10 434	16 844	02	39 687	18 640
03	2 341	8 829	03	10 947	16 921	03	43 344	19 978
04	2 406	9 077	04	11 465	16 171	04	47 441	20 659
1975:01	2 514	9 282	1983:01	12 271	17 731	1991:01	49 725	20 649
02	2 572	9 303	02	12 948	18 461	02	47 634	19 099
03	2 718	9 470	03	13 439	17 691	03	50 675	19 550
04	2 887	9 695	04	14 943	18 919	04	50 158	19 045
1976:01	2 984	9 583	1984:01	15 953	20 145	1992:01	51 956	18 977
02	3 057	9 670	02	17 146	21 214	02	52 479	18 787
03	3 129	9 824	03	18 645	21 124	03	50 277	17 322
04	3 180	9 557	04	18 617	20 960	04	51 631	17 203

Seisoensaangesuiwerde saldo's op kwartaaleindes

Tabel 2: Verbruikerskrediet

Uitgesoekte verhoudings

Einde van	Verbruikers- krediet tot persoonlike beskikbare inkome	Komponente van verbruikerskrediet as persentasie van verbruikerskrediet		
		Persoonlike lenings	Afbetalings- verkoop- en bruikhuuroor- eenkomste	Ope- rekenings
1969	16.7	45.9	31.6	22.5
1970	16.9	44.4	33.2	22.4
1971	15.5	43.3	34.5	22.2
1972	15.5	41.9	36.4	21.7
1973	18.0	43.7	36.9	19.4
1974	17.2	41.9	37.2	20.9
1975	17.4	40.2	39.5	20.3
1976	17.7	39.4	40.4	20.2
1977	14.8	34.9	44.0	21.1
1978	17.1	38.6	43.8	17.8
1979	17.3	35.4	48.4	16.2
1980	18.6	34.1	51.8	14.1
1981	22.4	30.4	57.4	12.2
1982	25.3	36.3	53.0	10.7
1983	28.4	42.0	48.7	9.3
1984	29.8	41.8	49.5	8.7
1985	27.9	44.7	46.1	9.2
1986	24.8	43.4	46.9	9.7
1987	21.7	47.3	44.1	8.8
1988	23.5	49.5	40.4	10.1
1989	25.6	51.7	38.6	9.7
1990	30.5	51.4	40.3	8.3
1991	27.7	51.7	38.8	9.5
1992	25.0	49.8	40.3	9.9